

# Lewe met sekerheid

Opgesomde resultate 2021

Sanlam

Finansiële Beplanning | Beleggings | Versekering | Gesondheid | Aftrede | Welvaart

## Kontak


Sanlam Kliëntesorgsentrum: 021 916 5000 of 0860 SANLAM (0860 726 526),

(021) 947-9111 / +27 21 947-9111 (Internasionaal)

Sanlam Hoofkantoor, Strandweg 2, Bellville, Suid-Afrika

ir@sanlam.co.za.

33”45’09.77S 18”38’28.32E


...ons is **sanlam.com**

# Inhoud

OORSIG

| | |
|---|---|
| Inleiding | 1 |
| Hooftrekke | 2 |
| Kommentaar op die resultate | 3 |

OPGESOMDE FINANSIËLE STATE

| | |
|---|---|
| Finansiële inligting | 20 |
| Staat van Finansiële Posisie | 22 |
| Staat van Omvattende Inkomste | 23 |
| Staat van Veranderings in Ekwiteit | 24 |
| Staat van Kontantvloei | 26 |
| Aantekeninge tot die finansiële state | 27 |

ADMINISTRASIE

| | |
|---|---|
| Kennisgewing van algemene jaarvergadering | 72 |
| Aandeelhouersdagboek | 108 |
| Administrasie | 109 |

# Inleiding

## GEAGTE AANDEELHOUER

Ek is dankbaar vir die geleentheid om voorsitter te wees van die Direksie van Sanlam, 'n sistemies belangrike maatskappy in Suid-Afrika, en Afrika se grootste versekeraar. 'n Spesiale woord van dank aan my mede-direksielede vir hul waardevolle ondersteuning en leiding om te help om Sanlam in 'n al hoe moeiliker en ingewikkelder bedryfsomgewing tot voordeel van alle belanghebbendes te bestuur. Die wêreld het in 2020 dramaties verander en COVID-19 het ons lewens op 'n ongekende wyse oorgeneem.

Sanlam het die jaar betree met 'n strewe om ná die teëspoed van 2020 te herbou. Lewenskragtigheid was aan die orde in ons besigheid, met die doel om prestasie tot die vlakke voor 2020 te herstel. Dit was ongetwyfeld 'n sterk benadering, te midde van die onstabiliteit waarin die Suid-Afrikaanse en ander ekonomieë op die vasteland gedompel is. Hierdie vasbeslotenheid was geanker in 'n fokus om vennootskappe met kliënte en die res van ons belanghebbendes te verstewig.

Sanlam het goeie finansiële resultate behaal wat die diversiteit van ons besigheid en die onderliggende lewenskragtigheid van die Groep se besighede weerspieël. Ek lê graag ons 2021-resultate deur hierdie opsomming van Sanlam se jaarlikse verslagdoening vir 2021 aan u voor. Benewens die hooftrekke van ons resultate sluit hierdie publikasie 'n bestuursopsomming in van ons prestasie in 2021 en ons kommentaar op hierdie resultate wat op 10 Maart 2022 op die Johannesburgse, Namibiese en A2X-aandelebeurse vrygestel is.

Dokumente wat die kennisgewing van Sanlam se algemene jaarvergadering vergesel, word afsonderlik as deel van hierdie opgesomde uitgawe van ons jaarlikse resultate ingesluit. U kan aanlyn in ons omvattende jaarlikse verslag en volhoubaarheidsportaal op ons webwerf www.sanlam.com. toegang verkry tot die volledige besonderhede van ons 2021-prestasie.

Ek is seker u sal met my saamstem dat ons prestasie in 2021 bevestiging is van Sanlam Groep se verbintenis tot die groei van 'n volhoubare onderneming wat sy beloftes kan nakom. Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Siyabonga.

**Elias Masilela SOB**
*Voorsitter*

## Sanlam Groep Hooftrekke

### Vir die 12 maande geëindig 31 Desember

| | Eenheid | 2021 | 2020 | △ |
|---|---|---|---|---|
| **Verdienste** | | | | |
| Netto resultaat van finansiële dienste | R miljoen | 9 469 | 8 382 | 13% |
| Netto bedryfsverdienste | R miljoen | 10 288 | 8 349 | 23% |
| Wesensverdienste(1) | R miljoen | 9 041 | 7 104 | 27% |
| Netto resultaat van finansiële dienste per aandeel | sent | 425,8 | 376,4 | 13% |
| Netto bedryfsverdienste per aandeel | sent | 462,6 | 374,9 | 23% |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel(1) | sent | 433,0 | 340,3 | 27% |
| Basiese wesensverdienste per aandeel(1) | sent | 438,4 | 344,5 | 27% |
| Basiese wins toeskryfbaar aan die aandeelhouersfonds per aandeel(1) | sent | 459,4 | 34,8 | >100% |
| Dividend per aandeel | sent | 334,0 | 300,0 | 11% |
| **Besigheidsvolumes** | | | | |
| Nuwe besigheidsvolumes | R miljoen | 355 886 | 310 875 | 14% |
| Netto fondsinvloeie | R miljoen | 78 322 | 61 563 | 27% |
| **Netto nuwe gedekte besigheid (WNB)** | | | | |
| Waarde van nuwe gedekte besigheid | R miljoen | 2 764 | 1 921 | 44% |
| HWNBP van gedekte besigheid | R miljoen | 96 182 | 74 591 | 29% |
| Marge van nuwe gedekte besigheid(2) | % | 2,87 | 2,58 | |
| **Groep Ekwiteitswaarde** | | | | |
| Groep Ekwiteitswaarde | R miljoen | 142 390 | 131 812 | |
| Groep Ekwiteitswaarde per aandeel | sent | 6 444 | 5 920 | |
| Opbrengs op Groep Ekwiteitswaarde per aandeel (OoGEW)(3) | % | 13,9 | (2,8) | |
| Aangepaste OoGEW per aandeel(4) | % | 14,6 | 2,6 | |
| **SOLVENSIE** | | | | |
| Sanlam Groep Dekkingsverhouding(5) | % | 173 | 186 | |
| Sanlam Lewens Dekkingsverhouding – gedekte besigheid(6) | % | 178 | 197 | |

**Aantekeninge**

(1) *2020 vergelykende inligting is herstateer om 'n hiperinflasie rekeningkundige fout soos gerapporteer in die Groep se tussentydse resultate van 9 September 2021, reg te stel. Sien aantekening 10 op bladsy 64 vir addisionele inligting. Die herstatering het nie 'n invloed op die netto batewaarde nie, as gevolg van die kompenserende impak op die valuta-omrekeningsreserwe in die Staat van Veranderings in Ekwiteit op 31 Desember 2020.*

(2) *Marge van nuwe gedekte besigheid = waarde van nuwe gedekte besigheid as 'n persentasie van HWNBP.*

(3) *Groei in Groepekwiteitswaarde per aandeel (met dividende betaal, kapitaalbewegings en koste van verkreë tesourie-aandele teruggeskryf) as 'n persentasie van Groepekwiteitswaarde per aandeel aan die begin van die jaar.*

(4) *Aangepaste Opbrengs op Groepekwiteitswaarde is gelyk aan Opbrengs op Groepekwiteitswaarde met uitsluiting van beleggingsmark- en valutawisselvalligheid, veranderings in rentekoerse en ander faktore buite bestuur se beheer.*

(5) *Die Sanlam Groep se gerapporteerde solvensieposisie van 191% op 31 Desember 2020 is herstateer as 186% ter weerspieëling van die Omsigtigheidsowerheid se hersiene metodologie wat die hantering van sekere entiteite van Sanlam Opkomende Markte betref in die berekening van Groepsolvensie wat terugwerkend toegepas is.*

(6) *Sluit beleggings in filiale en geassosieerde maatskappye, diskresionêre kapitaal, opgelope kontant vir dividendbetalings en die netto batewaarde van nie-gedekte bedrywighede uit.*



# Kommentaar **op die resultate**

## INLEIDING

In 2021 het die Sanlam Groep die grondslag vir toekomstige groei gelê deur ons platforms sterk te ontwikkel en terselfdertyd in 'n moeilike bedryfsomgewing sterk te presteer. Ons bou voort op ons doelwitgedrewe strategie in die hele Sanlam Groep, as deel van ons voortgesette volhoubaarheidstrewe om op gedeelde waardeskepping en groter finansiële insluiting te fokus, om volhoubare beleggingsbesluite ten opsigte van al ons bates onder bestuur te neem, waardekettings en ekosisteme deur te voer, en om deur ons strategiese vennootskappe waarde te optimeer.

Sanlam bly 'n sterk en goed gekapitaliseerde besigheid. In 2021 kon ons Sanlam se sterk posisie ten bate van alle belanghebbendes aanwend, veral dié wat erg deur die COVID-19-pandemie geraak is. Ons het bruto sterfte-eise ter waarde van R22 miljard (76% hoër as 2020) ten opsigte van ons kliënte betaal, terwyl Sanlam Lewens en Spaar (SLS) groepering R17 miljard betaal het en Sanlam Opkomende Markte (SOM) groepering R5 miljard. Santam het goeie vordering gemaak om die onafgehandelde gebeurlikheidseise vir sakeonderbrekings af te handel. Bruto eisbetalings in dié verband, aan besighede wat deur die pandemie geaffekteer is, het teen einde Desember 2021 R3,2 miljard beloop (ingesluit die verligtingsbetalings van R1 miljard in Augustus 2020).

Die pandemie het ook ons mense geraak, wat in hierdie moeilike tyd deurgaans lewenskragtig gebly het. Ons opregte meegevoel gaan aan die gesinne van die 57 kollegas wat sedert die begin van die pandemie oorlede is. Die Groep is steeds verbind tot die gesondheid en veiligheid van ons mense, kliënte en gemeenskap. Dit sluit die ontplooiing van entstowwe in as die doeltreffendste benadering om die pandemie aan te pak. Ons het 'n verpligte inentingsbeleid vir ons werknemers ingestel om 'n veilige werksomgewing te verseker terwyl ons na hibridiese werkwyses oorgaan en voortgaan om in vennootskap met AfroCentric aan die Suid-Afrikaanse publiek toegangspunte tot entstowwe te voorsien.

## VORDERING MET IMPLEMENTERING VAN STRATEGIE

Ons gaan voort om ons strategie te implementeer deur ons platform te ontwikkel terwyl ons werk om 'n toonaangewende nie-bankverwante finansiële diensgroep in Afrika op te bou.

## Kommentaar op die resultate vervolg

Ons Suid-Afrikaanse besighede is versterk deur die ontwikkeling van die Sanlam Beleggings-platform as die leidende batebestuurder in swart besit. Die beoogde samesmelting met Absa Investments sal ons markaanbod nog verder versterk. Beduidende netto invloei oor die tydperk getuig van die verbetering in die beleggingsbestuursplatform. Hierdie transaksie sluit ook die beoogde verkryging van Absa se gekoppelde beleggingsdiensverskaffer (LISP) deur Sanlam Glacier in, asook toegang tot Absa se verspreidingsnetwerk. Die beoogde verkryging van Alexander Forbes se LISP-besigheid sal die Sanlam Glacier-platform verder uitbrei.

Ons korporatiewe platform sal versterk word deur die beoogde transaksies met Alexander Forbes en die bekendstelling van 'n nuwe reeks gesondheidsversekeringsprodukte in vennootskap met AfroCentric. Die beoogde verkoop van ons selfstandige aftreefonds-administrasiebesigheid aan Alexander Forbes sal die Groep in staat stel om te fokus op die verskaffing van die voorste sambreelpensioenfonds-oplossing en 'n volledige reeks beleggings- en versekeringsprodukte aan die korporatiewe voordeelmark. Die Alexander Forbes Life-transaksie behoort ons in 'n toonaangewende posisie te plaas wat groeprisiko-onderskrywing betref. Ons gesondheidsaanbod stel ons in staat om 'n meer holistiese produkreeks aan ons kliënte te bied en 'n markbehoefte aan bekostigbare gesondheidsversekering te dek.

Op grond van ons kapitaaltoewysingsraamwerk en ons strategiese oogmerk om op Afrika en Indië te fokus, het die Groep ontslae geraak van die VK-besighede buiten batebestuur. Die reeks transaksies sal na verwagting teen 'n groter totale bedrag as Groepekwiteitswaarde (GEW) voor opwaartse waardasie van transaksiewaardes afgehandel word. Ons gaan voort om ons Pan-Afrika-portefeulje te optimeer deur ons posisie in sleutelmarkte te versterk en van besighede benede skaal ontslae te raak. In Indië sal die Shriram Groep herorganiseer om die groepstruktuur te vereenvoudig. As 'n aandeelhouer in Shriram, vind Sanlam baat by die vermindering van een vlak tussen laasgenoemde en die bedryfsentiteite en baan dit die weg vir gefokusde strategiese beplanning vir lewens- en algemene versekering deur die skeiding van die krediet- en die versekeringsbesigheid.

Ons het ook die totstandkoming van 'n InsurTech strategiese alliansie met MTN aangekondig om die voordele van ons versekerings- en beleggingsprodukte na die verbruikers op die Afrika-vasteland te neem. Dit sal die finansiële insluiting van verbruikers wat tans nie deur tradisionele verspreidingskanale bereik word nie, aansienlik uitbrei. Dit sal Sanlam help om sy doelwit te verwesenlik om 50 miljoen verbruikers teen 2025 te bereik.

## BEDRYFS- EN FINANSIËLE PRESTASIE

Toestande in die ekonomieë waarin ons sake doen, het in 2021 verbeter vanaf die pandemie-veroorsaakde lae basis in 2020. Na 'n inkrimping van 6,4% in 2020, het Suid-Afrikaanse reële BBP in 2021 met 'n geraamde 4,8% gestyg, danksy 'n sterk herstel in die handelsbalans, wat plaaslike koopkrag en verbruikersbesteding ondersteun het. Reële BBP-groei in Afrika suid van die Sahara het met 'n geraamde 4% gestyg, na 'n inkrimping van 1,7% in 2020.

Hierdie herstel in groei, tesame met veranderde bestedingspatrone as gevolg van die pandemie, het hoër spaarkoerse ondersteun. Dit het 'n positiewe uitwerking op nuwebesigheidsvolumes gehad.

In vergelyking met 31 Desember 2020 het langtermyn-rentekoerse gestyg in die meeste van die markte waarin ons sake doen. In die geheel het veranderings in ekonomiese aannames 'n negatiewe impak van 7% op die waarde van nuwe gedekte besigheid (WNB) gehad, en 2,2% op GEW.

Aandelemarkte in die lande waarin ons sake doen, het in 2021 oor die algemeen hoër opbrengste aangeteken as in 2020. Dit het bate-gebaseerde inkomste bevoordeel. Beleggingsopbrengste op die Groep se kapitaalportefeuljes het in ooreenstemming hiermee verbeter. Die beter prestasie in aandelemarkte het positiewe beleggingsafwykings van 1,5% op die GEW ondersteun.

In vergelyking met 2020 het die gemiddelde Suid-Afrikaanse randwisselkoers in 2021 verstewig teenoor die meeste van die geldeenhede in die lande waarin ons sake doen. Die sluitingskoers was egter swakker in die meeste markte. Die swakker randwisselkoers teen die jaareinde het 'n positiewe

Kommentaar op die resultate vervolg

uitwerking gehad op waardasies van die GEW vir die nie-Suid-Afrikaanse besighede. Verliese toeskryfbaar aan valuta-omrekeningsverskille as gevolg van die sterker gemiddelde randwisselkoers oor die jaartydperk het 'n negatiewe impak van 5% op die netto resultaat van finansiële dienste gehad.

## Verdienste

### *Impak van COVID-19 op sterfte-ervaring in die hele Groep*

Die COVID-19-pandemie het 'n beduidende impak op die sterfte-eise in al die Groep se besighede gehad, en gelei tot 'n aansienlike toename in addisionele eise (eise bo aktuariële langtermyn-aannames). Die Groep se Suid-Afrikaanse besighede het die grootste blootstelling aan lewensversekering en weerspieël ook 'n baie hoër waarde van addisionele eise. Die Groep het vir 2021 totale addisionele eise ter waarde van R4,2 miljard (na belasting, herversekering en annuïteit- en ongeskiktheidskompensasie) op 'n intrinsieke waarde-grondslag aangeteken.

**SLS** se sterftetendense het dié van die algemene Suid-Afrikaanse ervaring weerspieël wat deur die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad uitgereik is. Die impak van addisionele eise was die ergste gedurende die tweede en derde vlae van COVID-19, in die eerste en derde kwartale van 2021. Die vierde vlaag in die laaste kwartaal van 2021 het 'n kleiner impak op addisionele eise gehad as tydens vorige vlae.

SLS se korporatiewe besigheid is heelwat meer as die kleinhandelsbesighede geaffekteer. Die Groep meen dat die groeprisikomark nog altyd premies vir pandemies te laag geprys het, en is vol hoop dat daar voortaan meer rasionele prysvasstelling in die mark sal wees.

As deel van die jaarlikse hersiening van die Groep se aktuariële basis het SLS 'n reeks basisveranderings ingestel, waaronder verdere vrystellings van diskresionêre reserwes, positiewe veranderings in aannames oor standhoudendheid en 'n versterking van die mortaliteitsbasis om vir toekomstige pandemies voorsiening te maak.

SLS se addisionele eise is geneutraliseer deur 'n kombinasie van die reeks basisveranderings en die herprysing van groeprisikobesigheid.

**SOM** het in die eerste en derde kwartale van 2021 'n toename in mortaliteitseise ervaar, met 'n groter impak in die derde as in die eerste kwartaal. Die Suider-Afrikaanse streek en Indië het die grootste impak ervaar. Addisionele eise ten bedrae van R630 miljoen (na belasting, herversekering en annuïteit- en ongeskiktheidskompensasie) is vir 2021 aangeteken, met R583 miljoen in SPA Life. Die algehele impak op verdienste is deels teengewerk deur diskresionêre reserwevrystellings ten bedrae van R148 miljoen (na belasting). Hierdie vrystelling, tesame met die herprysing van groeprisikobesigheid, het nie SOM se addisionele eise ten volle geneutraliseer nie. Dit het uiteindelik 'n netto negatiewe impak van R466 miljoen op bedryfsverdienste gehad.

### Inkomstestaat van die Aandeelhouersfonds vir die 12 maande geëindig 31 Desember

| R miljoen | 2021 | 2020 | △ |
|---|---|---|---|
| **Netto resultaat van finansiële dienste** | 9 469 | 8 382 | 13% |
| Sanlam Lewens en Spaar | 4 806 | 4 600 | 4% |
| Sanlam Opkomende Markte | 2 227 | 2 377 | (6%) |
| Sanlam Beleggingsgroep | 1 298 | 805 | 61% |
| Santam | 1 378 | 686 | >100% |
| Groepkantoor en ander | (240) | (86) | (>100%) |
| Netto beleggingsopbrengs | 1 310 | 271 | >100% |
| Projek uitgawes | (491) | (304) | (62%) |
| **Netto bedryfsverdienste** | 10 288 | 8 349 | 23% |
| Amortisasie van ontasbare bates | (738) | (699) | (6%) |
| Wins met vervreemding van filiale en geassosieerdes | 229 | 285 | (20%) |
| Waardedalings | 66 | (8 638) | >100% |
| Netto nie-operasionele ekwiteiterkende verdienste en ander | 15 | 9 | 67% |
| **Genormaliseerde toeskryfbare verdienste** | 9 860 | (694) | >100% |

Die **netto resultaat van finansiële dienste** het in 2021 met 13% gestyg. Dit is 2% laer as in 2019, maar 4% hoër met uitsluiting van die impak van eenmalige winste in 2019 uit vrystellings van derdeparty-poelreserwes in Shriram General Insurance, prestasiefooie wat met die sluiting van die Climate One Fund verdien is, en hoër rente op die dividendpoel.

Kommentaar op die resultate vervolg

**SLS** se netto resultaat van finansiële dienste was 4% hoër as in 2020. Verbeterde beleggingsprestasie gedurende die jaar het bate-gebaseerde inkomste ondersteun, wat gedeeltelik teengewerk is deur hoër nuwebesigheidsstremming en addisionele eise nadat herprysing en reserwevrystellings in ag geneem is. Met uitsluiting van die impak van nuwebesigheidstremming, addisionele eise, reserwevrystellings en herprysing, het die netto resultaat van finansiële dienste met 11% toegeneem.

## SLS-netto resultaat van finansiële dienste vir die 12 maande geëindig 31 Desember

| R miljoen | 2021 | 2020 | △ |
|---|---|---|---|
| SA Retail Mass | 1 039 | 1 050 | (1%) |
| SA Retail Affluent | 3 226 | 4 059 | (21%) |
| Sanlam Korporatief | (1 947) | 836 | (>100%) |
| Pandemie reserwe vrylating | 4 232 | 492 | >100% |
| **Bruto resultaat van finansiële dienste** | 6 550 | 6 437 | 2% |
| Belasting op bruto resultaat van finansiële dienste | (1 771) | (1 882) | 6% |
| Nie-beherende belang | 27 | 45 | (40%) |
| **Netto resultaat van finansiële dienste** | 4 806 | 4 600 | 4% |

***SA Retail Mass*** het sterk prestasie in die individuelelewensbesigheid en Capitec Bank-begrafnisbesigheid behaal, maar is erg geraak deur 'n beduidende afname in verdienste uit die groepbesighede as gevolg van addisionele eise. Die individuelelewens-besigheid en Capitec Bank-begrafnisbesigheid is minder deur addisionele eise geraak, en het sterk verdienstegroei behaal wat deur groter vankragboeke, besparings op uitgawes, positiewe beleggingsafwykings en ekonomiese grondslag-veranderings ondersteun is.

***SA Retail Affluent*** is geraak deur die beduidende afname in verdienste uit die risikobesigheid as gevolg van addisionele eise. Dit het hoër bate-gebaseerde fooi-inkomste van Glacier en die spaarbesigheid, asook beter prestasie deur Sanlam Persoonlike Lenings (SPL) danksy laer slegteskuld-koste, heeltemal geneutraliseer.

***Sanlam Korporatief*** is ook beduidend geraak deur addisionele eise wat hoër bate-gebaseerde fooi-inkomste uit die beleggingsbesigheid heeltemal geneutraliseer het. Die gesondheidsbesigheid het sy sterk prestasie voortgesit danksy die bydrae van die apteek- en dienste-groeperings asook groter doeltreffendheid.

## SOM se netto resultaat van finansiële dienste vir die 12 maande geëindig 31 Desember

| R miljoen | 2021 | 2020 | △ |
|---|---|---|---|
| SPA Life | 1 765 | 1 812 | (3%) |
| SPA GI | 2 034 | 1 271 | 60% |
| Ander internasionaal | 1 571 | 1 965 | (20%) |
| Indië | 1 272 | 1 588 | (20%) |
| Maleisië en ander | 299 | 377 | (21%) |
| Korporatiewe kostes | (203) | (379) | 46% |
| **Bruto resultaat van finansiële dienste** | 5 167 | 4 669 | 11% |
| *Lewensversekering* | 939 | *1 261* | *(26%)* |
| *Algemene versekering* | 2 767 | *2 236* | *24%* |
| *Beleggingsbesigheid* | 182 | *159* | *14%* |
| *Krediet en strukturering* | 1 466 | *1 323* | *11%* |
| *Korporatiewe koste en ander* | (187) | *(310)* | *40%* |
| Belasting op bruto resultaat van finansiële dienste | (1 839) | (1 254) | (47%) |
| Nie-beherende belang | (1 101) | (1 038) | (6%) |
| **Netto resultaat van finansiële dienste** | 2 227 | 2 377 | (6%) |

**SOM** se netto resultaat van finansiële dienste het met 6% gedaal. Gemeet in konstante geldeenheid, het die Sanlam Pan-Afrika (SPA) algemene versekeringsportefeulje sterk verdienstegroei behaal, terwyl die versekeringsbesigheid in Indië afbreuk gedoen het aan groei.

***Lewensversekering*** is deur 'n toename in COVID-19-verwante sterfte-eise in die hele portefeulje geraak. Hoër eise in Suider-Afrika en Tanzanië het die goeie groei in Noord- en Wes-Afrika, wat deur hoër aandele- en effektemarkte ondersteun is, heeltemal geneutraliseer. Indië is nadelig geraak deur hoër sterfte-eise, terwyl Maleisië op 'n konstante geldeenheid-grondslag verbeter het.

## Kommentaar op die resultate vervolg

***Algemene versekering*** het baat gevind by 'n sterk verbetering in die SPA algemene versekeringsportefeulje as gevolg van 'n hoër beleggingsopbrengs op versekeringsfondse (versekeringskontant), wat vanaf 2,9% in 2020 tot 11,9% verbeter het (as 'n persentasie van netto verdiende premies). Danksy sterk aandelemarkte het die Marokko-besigheid 'n versekeringskontantmarge van 20,9% gerapporteer. Verdere vordering is gemaak om die versekeringskontant-beleggingsportefeulje se blootstelling aan aandele en eiendom te verminder en blootstelling aan effekte te verhoog. Goeie waarde is verkry deur die aandelegewig te verlaag, hoewel dit ook die blootstelling aan die sterk aandelemarkprestasie gedurende die jaar verminder het.

SPA algemene versekering het 'n netto onderskrywingsmarge van 4,4% aangeteken (2020: 6,1%), wat laer as die teikenband van 5% tot 9% is. Die portefeulje het 'n negatiewe eise-ervaring aangeteken in die Ivoorkus, Continental Re en van die kleiner lande in die Oostelike en Suidoostelike streke, en ook swakker prestasie in die gesondheidsbesigheid behaal. 'n Netto versekeringsmarge van 16,3% is vir 2021 behaal, teenoor die 9,0% van 2020.

In Indië is Shriram General Insurance (SGI) se verdienste beïnvloed deur die gebrek aan gereguleerde premieverhogings op derdeparty-besigheid gedurende die afgelope twee jaar, en die beperkte vermoë om eise af te handel weens die feit dat howe in Indië steeds beperkte kapasiteit het. SGI se netto versekeringsresultaat het egter bevredigend gebly, op 25,2% van netto verdiende premies. Maleisië se algemene versekeringsverdienste het hoër verdienste behaal, wat grotendeels aan 'n laer eiseverhouding toegeskryf kan word.

***Die beleggingsbestuur-portefeulje*** het voordeel getrek uit hoër bate-gebaseerde fooie as gevolg van die toename in bates onder bestuur, wat deur 'n onlangse sterk netto invloei in Botswana, Namibië en Kenia ondersteun is.

***Krediet en strukturering*** het baat gevind by groter uitkerings en invorderings in Indië en laer voorsienings vir slegte skuld in die SPA Suider-Afrika-streek. Beide Letshego en Capricorn Namibia het bygedra tot die beter prestasie in SPA.

**Sanlam Beleggingsgroep (SBG)** se bydrae tot netto resultaat van finansiële dienste het met 61% gestyg. Dit was hoofsaaklik toeskryfbaar aan winste in waardasie teenoor markprys op plaaslike en buitelandse genoteerde effekte by SanFin en hoër bate-gebaseerde fooie wat uit die beter beleggingsmarkprestasie verkry is.

### SBG se netto resultaat van finansiële dienste vir die 12 maande geëindig 31 Desember

| R miljoen | 2021 | 2020 | △ |
|---|---|---|---|
| Sanlam Beleggings | 608 | 552 | 10% |
| Welvaartbestuur | 247 | 214 | 15% |
| Internasionaal | 413 | 282 | 46% |
| Korporatiewe dienste | (51) | (40) | (28%) |
| Beleggingsbestuur | 1 217 | 1 008 | 21% |
| Sanlam Gespesialiseerde Finansies (SanFin) | 631 | 241 | >100% |
| **Bruto resultaat van finansiële dienste** | 1 848 | 1 249 | 48% |
| Belasting op bruto resultaat van finansiële dienste | (427) | (378) | (13%) |
| Nie-beherende belang | (123) | (66) | (86%) |
| **Netto resultaat van finansiële dienste** | 1 298 | 805 | 61% |

***Sanlam Beleggings*** se styging in 2021 is hoofsaaklik toeskryfbaar aan hoër bate-gebaseerde fooie, wat gedeeltelik teengewerk is deur laer prestasiefooie. Met uitsluiting van prestasiefooie, was bruto resultaat van finansiële dienste 14% hoër. Die ***Welvaartbestuur***-besigheid is ondersteun deur prestasiefooi-inkomste, hoër gemiddelde bates onder bestuur en groter inkomste uit diversifikasie-inisiatiewe. Die ***Internasionale*** besigheid is deur die beter prestasie van Sanlam VK ondersteun.

***SanFin*** het baat gevind by winste in waardasie teenoor markprys op plaaslike en buitelandse genoteerde effekte terwyl spreidings verder vernou het in vergelyking met 31 Desember 2020. Die voorkeuraandele- en aandele-besighede het ook beter prestasie behaal, terwyl kredietverliesvoorsienings laer was in vergelyking met die vorige tydperk.

**Santam** het sterk bedryfsresultate vir 2021 behaal. Hul netto resultaat van finansiële dienste het meer as verdubbel teenoor 2020. Die konvensionele besigheid het 'n netto onderskrywingsmarge van 8,0% (2020: 2,5%) van netto verdiende premies gerapporteer. Santam het sy voorsienings ten opsigte van gebeurlikheidseise vir sakeonderbrekings teen die jaareinde hersien. Dit het gelei tot die vrystelling van R450 miljoen (waarvan R198 miljoen Sanlam se aandeel is) van die netto voorsiening, wat sowat 1,7% tot die netto onderskrywingsmarge bygedra het. Aandeelhouers word na Santam se jaarresultate verwys wat op 2 Maart 2022 vrygestel is, vir meer inligting oor die maatskappy se prestasie.

## Kommentaar op die resultate vervolg

### *Netto bedryfsverdienste*

Netto bedryfsverdienste van R10,3 miljard het met 23% toegeneem – die gesamentlike uitwerking van die 13%-styging in die netto resultaat van finansiële dienste en 'n positiewe netto beleggingsopbrengs van R1,3 miljard teenoor die R271 miljoen in 2020. Die beleggingsopbrengs van die vorige tydperk het 'n netto verwagte kredietverliesvoorsiening van R726 miljoen in Libanon ingesluit. Die netto beleggingsopbrengs op kapitaal het voordeel getrek uit die verbetering in die aandelemarkte oor die tydperk, maar is ook geaffekteer deur laer dividendinkomste en laer rente op kontantsaldo's as gevolg van laer rentekoerse. Projekkoste was 62% hoër as in 2020. Dit kan grotendeels toegeskryf word aan die groter besteding aan inisiatiewe om die uitvoering van die Groep se strategie te ondersteun, met inbegrip van korporatiewe transaksies wat gedurende die jaar aangegaan is.

### *Genormaliseerde toeskryfbare verdienste*

Genormaliseerde toeskryfbare verdienste het van 'n verlies van R694 miljoen in 2020 tot 'n wins van R9,9 miljard vir 2021 verbeter. Waardedalings van R8,6 miljard ten opsigte van die Shriram- en voormalige Saham-besighede in 2020 is nie herhaal nie.

### *Wesensverdienste en verwaterde wesensverdienste*

Wesensverdienste en verwaterde wesensverdienste per aandeel het met 27% gestyg. Die verskil in groei tussen genormaliseerde toeskryfbare verdienste en wesensverdienste hou hoofsaaklik verband met die uitsluiting van waardedalings, terugskrywings van waardedalings en die insluiting van fondsoordragte negatief R387 miljoen (2020: positief R1,4 miljard) by wesensverdienste.

## Besigheidsvolumes vir die 12 maande geëindig 31 Desember

**Nuwe besigheidsvolumes**

| R miljoen | 2021 | 2020 | △ |
|---|---|---|---|
| **Segment** | | | |
| Sanlam Lewens en Spaar | 108 752 | 77 847 | 40% |
| SA Retail Mass | 3 850 | 2 558 | 51% |
| SA Retail Affluent | 90 977 | 65 441 | 39% |
| Sanlam Korporatief | 13 925 | 9 848 | 41% |
| Sanlam Opkomende Markte | 48 799 | 46 898 | 4% |
| Sanlam Beleggingsgroep | 171 752 | 161 470 | 6% |
| Santam | 26 583 | 24 660 | 8% |
| **Totaal** | 355 886 | 310 875 | 14% |
| **Tipe besigheid** | | | |
| Lewensversekering | 71 747 | 56 111 | 28% |
| Beleggingsbesigheid | 241 917 | 213 625 | 13% |
| Algemene versekering | 42 222 | 41 139 | 3% |
| **Totaal** | 355 886 | 310 875 | 14% |

**Netto fondsinvloeie**

| R miljoen | 2021 | 2020 | △ |
|---|---|---|---|
| **Segment** | | | |
| Sanlam Lewens en Spaar | 15 257 | 11 351 | 34% |
| SA Retail Mass | 4 097 | 4 362 | (6%) |
| SA Retail Affluent | 15 430 | 6 645 | 132% |
| Sanlam Korporatief | (4 270) | 344 | (1 341%) |
| Sanlam Opkomende Markte | 19 840 | 21 192 | (6%) |
| Sanlam Beleggingsgroep | 33 047 | 21 130 | 56% |
| Santam | 10 178 | 7 890 | 29% |
| **Totaal** | 78 322 | 61 563 | 27% |
| **Tipe besigheid** | | | |
| Lewensversekering | 12 696 | 14 613 | (13%) |
| Beleggingsbesigheid | 49 671 | 32 485 | 53% |
| Algemene versekering | 15 955 | 14 465 | 10% |
| **Totaal** | 78 322 | 61 563 | 27% |

## Kommentaar op die resultate vervolg

Totale nuwebesigheidsvolumes het met 14% gestyg, ondersteun deur sterk groei in verkope in SLS. Al die groeperings het beduidende groei in vergelyking met 2019 gerapporteer. Volumes van nuwe lewensversekeringsbesigheid het met 28% toegeneem en beleggingsbesigheidsinvloei het met 13% gestyg. Wat algemene versekering betref, het verdiende premies met 3% toegeneem.

**SLS** se totale nuwebesigheidsvolumes was 40% hoër as in 2020 en al die besighede het oor die jaar goed presteer.

***SA Retail Mass*** het sterk nuwebesigheidsverkope behaal, wat deur verbeterde produktiwiteit van agente en groter gebruik van digitale hulpmiddels ondersteun is. Die Individuele Lewensbesigheid het met 39% gegroei, groepbesigheidsverkope het met 81% gestyg en die Capitec Bank begrafnisbesigheid se verkope het met 48% toegeneem.

***SA Retail Affluent*** het beduidende groei in nuwebesigheidsverkope behaal. Glacier se lewens- en beleggingsbesigheid het die grootste bydrae gelewer. Groei in die verkope van herhalende premie-risikobesigheid was stadiger, omdat verbeterde groei in die Individuele Lewens-, Sanlam Indie- en MiWay Life-besighede gedeeltelik teengewerk is deur swakker verkope van bystand- en groeprisikobesigheid in BrightRock; en effens laer kredietlewensverkope deur SPL. Verkope van individuele risikobesigheid in die tradisionele intermediêre kanale (insluitend BrightRock) was 10% hoër as in 2020.

***Sanlam Korporatief*** se groei in nuwebesigheidsvolumes was grotendeels afkomstig van enkelpremie-beleggingsbesigheid en herhalende premie-lewensbesigheid. Kwotasiebedrywigheid in hierdie segment het tot vlakke voor die pandemie herstel, maar omskeppingskoerse bly laer.

**SOM** se totale nuwebesigheidsvolumes het met 4% gegroei, grotendeels danksy sterk volumegroei in lewensversekeringsbesigheid.

### SOM se nuwebesigheidsvolumes vir die 12 maande geëindig 31 Desember

| R miljoen | 2021 | 2020 | △ |
|---|---|---|---|
| SPA Life | 31 331 | 29 096 | 8% |
| Lewensversekering | 9 042 | 7 918 | 14% |
| Beleggingsbesigheid | 22 289 | 21 178 | 5% |
| SPA GI | 13 699 | 13 692 | 0% |
| Ander internasionaal | 3 769 | 4 110 | (8%) |
| Indië | 2 563 | 2 788 | (8%) |
| Lewensversekering | 868 | 620 | 40% |
| Algemene versekering | 1 695 | 2 168 | (22%) |
| Maleisië en ander | 1 206 | 1 322 | (9%) |
| **Nuwe besigheidsvolumes** | 48 799 | 46 898 | 4% |
| *Lewensversekering* | 10 871 | 9 241 | 18% |
| *Algemene versekering* | 15 639 | 16 479 | (5%) |
| *Beleggingsbesigheid* | 22 289 | 21 178 | 5% |

Volumegroei in nuwe ***lewensversekeringsbesigheid*** is deur al die streke ondersteun. In SPA Life het Namibië sterk annuïteitverkope behaal, en Botswana het verbeterde individuele lewensbesigheid- en bankversekeringsvolumes aangeteken, wat groei in die Suider-Afrikaanse streek 'n hupstoot gegee het. Sterk prestasie deur die Noord- en Wes-Afrika-streek is gedryf deur groeplewens- en agentskapvolumes in Marokko en groei in die CIMA-streek in al die besigheidskategorieë. In Oos-Afrika was volumegroei grotendeels te danke aan verbeterde verkope van groepbesigheid in Kenia en kredietlewensvolumes in Tanzanië. Sterk bydraes deur beide Indië en Maleisië was hoofsaaklik toe te skryf aan die diversifikasie van verspreidingskanale.

Nuwe ***batebestuursbesigheid*** het vanaf 'n hoë basis in 2020 gegroei, terwyl verdere groot mandate in Botswana, Namibië en Kenia toegeken is.

Kommentaar op die resultate vervolg

Nuwe ***algemene versekeringsbesigheidsvolumes*** weerspieël 'n verbetering in konstante geldeenheid-groei deur SPA, maar swakker prestasie in Indië. Groei in SPA algemene versekeringsbesigheid is gedryf deur hoër volumes motor- en gesondheidsbesigheid in Marokko en beter prestasie deur Continental Re. Swakker verkope in die bystandbesigheid en die kansellasie van verliesmakende gesondheidsbesigheid in die Ivoorkus het volumegroei benadeel. Die fokus is steeds op beskerming van die gehalte van die gesondheidsboek. Nuwebesigheidsvolumes in Indië het gedaal weens die gebrek aan premieverhogings op derdeparty-besigheid soos deur die regering gereguleer, en laer volumes van die kredietbesighede tydens die COVID-19-verwante inperkings. In Maleisië het volumes (gemeet in konstante geldeenheid) afgeneem weens laer verkope deur agentskapkanale omdat die besighede hul fokus na direkte kanale verskuif het.

Netto fondsinvloei na **SBB** het met 56% tot R33 miljard verbeter, terwyl nuwebesigheidsvolumes 6% hoër was as in 2020. Netto fondsinvloei na Sanlam Beleggings het meer as verdubbel, met 'n sterk herstel in beide kleinhandels- en institusionele fondse. Satrix, Sanlam Multibestuurder en die Implemented Consulting-kleinhandelsinisiatief het almal goed gevaar. Welvaartbestuur en die Internasionale besigheid se netto invloei was laer as in 2020.

**Santam** het bevredigende groei van 5% in die bruto geskrewe premie van die konvensionele versekeringsbesigheid behaal.

Groep **netto fondsinvloei** van R78,3 miljard was 27% hoër as in 2020 en 38% hoër as in 2019, ondanks die groot sterfteverwante uitvloei wat SLS ondervind het. Die beduidende verbetering in netto invloei by Sanlam Glacier en Sanlam Beleggings het 'n groot bydrae gelewer tot bogenoemde verbetering. SOM het ook 'n sterk bydrae gelewer in vergelyking met 2019.

## Waarde van nuwe gedekte besigheid

**Net WNB** het sterk verbeterings oor die hele portefeulje getoon, en al die besighede was bo die vlakke van 2019. In SLS het Retail Mass se WNB met 60% toegeneem, Retail Affluent s'n met 16% en Korporatief se WNB het meer as verdubbel. In SOM is sterk verbeterings in WNB oor die hele Pan-Afrika-portefeulje asook in Indië en Maleisië gerapporteer. SOM se WNB het met 87% toegeneem.

Die Groep se netto WNB-marge vir gedekte besigheid was hoër as in 2020 en effens laer as in 2019.

### Waarde van nuwe lewensbesigheid vir die 12 maande geëindig 31 Desember

| R miljoen | 2021[1] | 2020 | △ | Konstante ekonomiese basis △ |
|---|---|---|---|---|
| Netto waarde van nuwe gedekte besigheid | 2 764 | 1 921 | 44% | 51% |
| SLS | 2 235 | 1 638 | 36% | 51% |
| SOM | 529 | 283 | 87% | 54% |
| Netto huidige waarde van nuwe besigheidspremies | 96 182 | 74 591 | 29% | 31% |
| Netto marge van nuwe gedekte besigheid | 2,87% | 2,58% | | 2,98% |
| SLS | 2,82% | 2,73% | | 3,07% |
| SOM | 4,01% | 2,53% | | 3,27% |

[1] *Die volle opbrengskromme is gebruik om die 2021 WNB van Retail Affluent se kern individuele risikoproduk (Matrix) te bereken, om 'n beter weerspieëling van die toegevoegde ekonomiese waarde te verseker, in die lig van die groot veranderings in die opbrengskromme oor die jaar. Die verandering het nie 'n wesenlike impak op die Groep se WNB vir 2021 gehad nie.*

## KAPITAAL EN SOLVENSIE

Die kapitaal- en solvensieposisie van die Groep en sy hoofbedryfsentiteite was op 31 Desember 2021 steeds sterk en binne teikenbande. Die solvensiedekkingsverhouding van Sanlam Lewens se gedekte besigheid was 178% (31 Desember 2020: 197%), Sanlam Lewens-entiteit in die geheel se solvensieposisie 214% (31 Desember 2020: 257%) en die Groep se solvensiedekkingsverhouding was 173% (31 Desember 2020: 186%).

Die Sanlam Groep se gerapporteerde solvensieposisie van 191% op 31 Desember 2020 is herstateer as 186% ter weerspieëling van die Omsigtigheidsowerheid se hersiene metodologie wat die hantering van sekere entiteite van Sanlam Opkomende Markte betref in die berekening van Groepsolvensie wat terugwerkend toegepas is.

Die daling in die Groep se solvensiedekkingsverhouding van 186% na 173% is toeskryfbaar aan die jaarlikse dividendbetaling, die druk van hoër ekwiteitsvereistes, en negatiewe ervaringsafwykings en veranderings in aannames wat gedeeltelik teengewerk is deur die positiewe impak van netto afwikkeling van vankragbesigheid, bedryfswins en waarde van nuwe besigheid.

## Kommentaar op die resultate vervolg

Die Groep het op 31 Desember 2021 metodologieveranderings geïmplementeer om Groepsolvensie te bereken. Die twee vernaamste veranderings is die aftrekking van verwagte dividende uit eie fondse van die Groep en die aanvaarding van die rekeningkundige konsolidasiemetode vir die Suid-Afrikaanse versekeringsentiteite.

Die Groepsolvensieverhouding het verder gedaal as gevolg van die aftrekking vir verwagte dividende uit die kwalifiserende eie fondse op 31 Desember 2021. Die gepubliseerde verhouding het voorheen nie vir 'n aftrekking vir verwagte dividende uit die kwalifiserende eie fondse voorsiening gemaak nie. Hierdie daling is gedeeltelik teengewerk deur ander veranderings in die metodologie, waaronder die aanvaarding van die rekeningkundige konsolidasiemetode vir die Suid-Afrikaanse versekeringsentiteite in die berekening van Groepsolvensie.

Diskresionêre kapitaal het van R636 miljoen op 31 Desember 2020 tot R2,9 miljard op 31 Desember 2021 toegeneem. Die toename is hoofsaaklik toe te skryf aan die netto opbrengs op die verkoop van Nucleus Financial Group Plc van sowat R1,2 miljard en 'n vrystelling van kapitaal uit bedrywighede ten bedrae van R1,0 miljard.

Die opskortende voorwaardes met betrekking tot die beoogde verkryging deur SAN JV (RF) van 'n addisionele 22,8% in Saham Assurance Maroc is nie nagekom nie. Die beoogde transaksie het dus verval. SAN JV se aandeelhouding in Saham Assurance Maroc is steeds 61,7%.

Ons het in September 2021 die beoogde verkoop van Sanlam VK se 100%-belang in Sanlam Life and Pensions, Sanlam Private Investments en Sanlam Wealth Planning aangekondig. Die totale netto koopsom vir die transaksies is £153 miljoen. Die transaksies is onderhewig aan regulatiewe goedkeuring en sal na verwagting in die eerste helfte van 2022 afgehandel word. Hierdie transaksies sal diskresionêre kapitaal in 2022 aanvul.

In die verlede het die Groep in normale omstandighede diskresionêre kapitaal van sowat R1,0 miljard gehou om klein en opportunistiese verkrygings te befonds. Die voortslepende onsekerheid wat die COVID-19-pandemie inhou en die laer diskresionêre reserwes na die vrystelling van 'n deel hiervan in 2021 het egter daartoe gelei dat die teikenvlak van ons diskresionêre kapitaalbuffer verander het.

Die Groep beoog om in die loop van 2022, en indien nodig nog langer, 'n aansienlik hoër diskresionêre buffer te hou om beskerming te verleen teen enige verdere groot COVID-19-vlae wat sterfte-ervaring negatief kan beïnvloed ten spyte van die premieverhogings wat ten opsigte van groeprisikobesigheid ingestel is. Die Direksie sal die posisie noukeurig dophou en moontlik die situasie hersien indien dit blyk dat die hoër diskresionêre kapitaalbuffer nie nodig is nie. Die Groep se normale kapitaaltoewysingsbeleid sal bepaal hoe hierdie surpluskapitaal aangewend word.

Sanlam Lewens het ondergeskikte skuldbriewe ter waarde van R1 miljard (SLI4) op die eerste oproepdatum op 16 Augustus 2021 afgelos, en op dieselfde datum nuwe ondergeskikte skuldbriewe (SLI5, SLI6 en SLI7) van altesaam R2 miljard uitgereik. S&P Global Ratings het 'n kredietgradering van zaA+ aan die nuwe skuldbriewe toegeken.

## DIVIDENDE

Aandeelhouers word hiermee in kennis gestel dat 'n finale bruto kontantdividend van 334 sent per aandeel vir die jaar geëindig 31 Desember 2021 verklaar is, wat 11% hoër is as die vorige jaar se dividend. Die dividend is op Maandag 11 April 2022 by wyse van elektroniese bankoorplasings betaalbaar aan gewone aandeelhouers wat teen kantoorsluiting op Vrydag 8 April 2022 in Sanlam se register aangeteken is. Die laaste verhandelingsdatum om vir hierdie dividend in aanmerking te kom, is Dinsdag 5 April 2022, en Sanlam-aandele sal vanaf Woensdag 6 April 2022 sonder dividend verhandel. Aandelesertifikate mag nie tussen Woensdag 6 April en Vrydag 8 April 2022, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie. Aandeelhouers wat nog nie hul bankbesonderhede vir dividendbetalings verskaf het nie, word versoek om dit te doen deur Sanlam se oordragsekretaris, Computershare, by 0861 100 913 of +27 (0)11 370 5000 te skakel.

Suid-Afrikaanse dividendterughoubelasting op dividende is op hierdie dividend van toepassing. Waar van toepassing, sal die volle dividend aan die terughoubelasting van 20% onderhewig wees. Dit beteken aandeelhouers wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie, sal 'n netto dividend van 267,2 sent per aandeel ontvang. Die getal uitgereikte gewone aandele in die maatskappy se aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 2 049 418 848 uitgesonderd 177 555 560 tesourie-aandele. Die maatskappy se belastingverwysingsnommer is 9536/346/84/5.

# Finansiële **inligting**

## AANBIEDINGSGRONDSLAG

### Inleiding

Die gekonsolideerde finansiële state word opgestel op die grondslag van historiese koste, tensy anders aangedui, ooreenkomstig IFRS, SAICA Riglyne vir Finansiële Verslagdoening soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke, Finansiële Verklarings soos uitgereik deur die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die vereistes van die Maatskappywet in Suid-Afrika. Die finansiële state word aangebied in Suid-Afrikaanse rand afgerond tot die naaste miljoen, tensy anders vermeld.

Die volgende nuwe of hersiene IFRS en interpretasies het op 1 Januarie 2021 in werking getree en is dus toegepas:

- *Hervorming van rentekoersmaatstawwe – Fase 2 (Wysigings van IFRS 4, IFRS 7, IFRS 9, IFRS 16 en IAS 39)*

Die volgende nuwe of hersiene IFRS en interpretasies het op 31 Desember 2021 in werking getree en is dus toegepas:

- *COVID-19-verwante Huurkonsessies (Wysigings van IFRS 16)*

Hierdie wysigings het nie 'n beduidende impak gehad op die bedrae wat in vorige of huidige tydperke erken is nie en sal na verwagting nie die huidige of toekomstige tydperke wesenlik beïnvloed nie. Geen verdere openbaarmakings is gevolglik gedoen nie.

Die volgende nuwe of hersiene IFRS en interpretasies het effektiewe datums van toepassing op toekomstige finansiële jare en is nie voortydig aanvaar nie:

- Effektief 1 Januarie 2022:
  - *Beswarende Kontrakte – Koste om kontraktuele verpligtinge na te kom (Wysiging van IAS 37)*
  - *Eiendom, Aanleg en Toerusting: Opbrengs voor beoogde gebruik (Wysigings aan IAS 16)*
  - *Verwysing na die Konseptuele Raamwerk (Wysigings van IFRS 3)*
  - *Jaarlikse Verbeteringe van IFRS-standaarde 2018, wat op IFRS 1, IFRS 9, IFRS 16 en IAS 41 betrekking het*
- Effektief 1 Januarie 2023:
  - *IFRS 17 – Versekeringskontrakte*
  - *Openbaarmaking van Rekeningkundige Beleid (Wysigings van IAS 1 en IFRS Practice Statement 2)*
  - *Omskrywing van Rekeningkundige Raming (Wysigings van IAS 8)*
  - *Wysigings in verband met uitgestelde belasting op huurkontrakte en verpligtinge t.o.v. buitegebruikstelling (Wysigings van IAS 12)*
  - *Klassifikasie van laste as bedryfs- of nie-bedryfslaste (Wysigings van IAS 1)*

Die Groep verwag nie dat die ander wysigings van standaarde wat deur die IASB uitgereik is maar nog nie van krag is nie, 'n wesenlike impak op die Groep sal hê nie.

IFRS 17 – *Versekeringskontrakte* (IFRS 17) bepaal die beginsels vir die erkenning, meting, aanbieding en openbaarmaking van versekeringskontrakte binne die bestek van die standaard. Dit sal IFRS4 – *Versekeringskontrakte* (IFRS 4) vervang.

Die effektiewe datum van IFRS 17 is vir verslagtydperke wat op of na 1 Januarie 2023 begin, met vergelykende syfers vir 2022. Ons beoog in die tweede helfte van 2022 die mark te betrek.

Sien die aanbiedingsgrondslag in die Sanlam Finansiële Jaarstate vir meer inligting.

## EKSTERNE OUDIT

Hierdie opgesomde verslag is 'n uittreksel uit geouditeerde inligting, maar is nie nagesien nie. Die finansiële jaarstate is geoudit deur die gesamentlike ouditeure Ernst & Young Geïnk. en KPMG Geïnk., wat hul ongekwalifiseerde mening daaroor uitgespreek het. Die geouditeerde Finansiële Jaarstate en die ouditeur se verslag daaroor is ter insae by die Maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar. Die Aandeelhouersinligting is geoudit deur Ernst & Young Geïnk. en KPMG Geïnk., wat hul ongekwalifiseerde mening daaroor uitgespreek het. Die geouditeerde Aandeelhouersinligting en die ouditeur se verslag daaroor is ter insae by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar.

Die direkteure aanvaar volle verantwoordelikheid vir die voorbereiding van die opgesomde verslag en dat die finansiële inligting 'n akkurate uittreksel is uit die onderliggende Finansiële Jaarstate en Aandeelhouersinligting.

# Staat van **Finansiële Posisie**

op 31 Desember

| R miljoen | 2021 | Herstateer[1] 2020 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| Toerusting | 1 730 | 1 652 |
| Reg van gebruiksbate | 1 481 | 1 614 |
| Eienaar-geokkupeerde eiendomme | 2 582 | 2 692 |
| Klandisiewaarde | 16 431 | 16 703 |
| Waarde van verkreë besigheid | 4 718 | 6 129 |
| Ander ontasbare bates | 746 | 788 |
| Uitgestelde verkrygingskoste | 3 225 | 3 374 |
| Langtermyn-herversekeringsbates | 2 188 | 2 258 |
| Beleggings[1] | 834 287 | 812 948 |
| Beleggingseiendom | 17 980 | 20 302 |
| Belegging in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings | 22 755 | 18 773 |
| Aandele en soortgelyke sekuriteite[1] | 191 958 | 185 864 |
| Rentedraende beleggings | 271 840 | 261 434 |
| Gestruktureerde transaksies | 12 434 | 29 566 |
| Beleggingsfondse | 278 145 | 252 026 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite | 39 175 | 44 983 |
| Uitgestelde belasting | 3 154 | 2 843 |
| Nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou vir verkoop | 81 386 | 2 218 |
| Tegniese algemeneversekeringsbates | 19 525 | 13 847 |
| Bedryfskapitaalbates | 84 725 | 75 604 |
| Handels- en ander debiteure | 55 806 | 44 568 |
| Belasting | 1 218 | 942 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite | 27 701 | 30 094 |
| **Totale bates[1]** | 1 056 178 | 942 670 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| Kapitaal en reserwes | | |
| Aandelekapitaal en premie | 12 784 | 12 784 |
| Tesourie-aandele | (1 671) | (1 633) |
| Ander reserwes[1] | 6 078 | 4 383 |
| Behoue verdienste[1] | 52 188 | 49 178 |
| **Aandeelhouersfonds** | 69 379 | 64 712 |
| Nie-beherende belang | 13 517 | 12 512 |
| **Totale ekwiteit** | 82 896 | 77 224 |
| Langtermyn-polisverpligtinge | 641 196 | 625 527 |
| Versekeringskontrakte | 186 658 | 190 943 |
| Beleggingskontrakte | 454 538 | 434 584 |
| Termynfinansiering | 15 116 | 13 837 |
| Margebesigheid | 5 330 | 5 330 |
| Ander rentedraende laste | 9 786 | 8 507 |
| Huurverpligtinge | 1 789 | 1 878 |
| Gestruktureerde transaksie-verpligtinge | 8 898 | 22 970 |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse[1] | 85 506 | 82 588 |
| Belang van sel-eienaars (derde party) | 4 900 | 4 226 |
| Uitgestelde belasting | 7 311 | 5 810 |
| Nie-bedryfslaste geklassifiseer as gehou vir verkoop | 78 700 | 454 |
| Tegniese algemeneversekeringsvoorsiening | 57 559 | 49 752 |
| Bedryfskapitaallaste | 72 307 | 58 404 |
| Handels- en ander krediteure | 69 123 | 55 356 |
| Voorsienings | 628 | 506 |
| Belasting | 2 556 | 2 542 |
| **Totale ekwiteit en laste[1]** | 1 056 178 | 942 670 |

[1] *Sien aantekening 10.*



# Staat van **Omvattende Inkomste**

vir die jaar geëindig 31 Desember

| R miljoen | 2021 | Herstateer[1] 2020 |
|---|---|---|
| **Netto Inkomste** | 200 125 | 132 866 |
| Inkomste van finansiële dienste | 116 887 | 104 701 |
| Herversekeringspremies betaal | (20 081) | (18 794) |
| Herversekeringskommissie ontvang | 2 815 | 2 929 |
| Beleggingsinkomste | 31 804 | 31 879 |
| Beleggingssurplusse | 84 717 | 11 001 |
| Finansieringskoste - margebesigheid | (249) | (216) |
| Veranderinge in billike waarde van eksterne beleggersverpligtinge | (15 768) | 1 366 |
| **Netto versekerings- en beleggingskontrakvoordele en -eise** | (139 592) | (75 896) |
| Langtermyn-versekeringskontrakvoordele | (44 340) | (25 596) |
| Langtermyn-beleggingskontrakvoordele | (73 767) | (26 646) |
| Algemene versekeringseise | (41 048) | (37 593) |
| Herversekeringseise ontvang | 19 563 | 13 939 |
| **Uitgawes** | (43 170) | (42 201) |
| Verkoopsvergoeding | (14 724) | (14 319) |
| Administrasiekoste | (28 446) | (27 882) |
| **Waardedalings** | (88) | (9 275) |
| Netto waardedalingsverliese op finansiële bates | (296) | (1 903) |
| Ander terugskrywing van waardedalings/ (waardedalings) | 208 | (7 372) |
| **Amortisasie van ontasbare bates** | (1 248) | (1 323) |
| **Netto bedryfsresultaat** | 16 027 | 4 171 |
| Ekwiteitsverantwoorde verdienste | 2 240 | 2 568 |
| Finansieringskoste – ander | (763) | (835) |
| Netto monetêre verlies | (2) | (697) |
| **Wins voor belasting[1]** | 17 502 | 5 207 |
| Belasting | (6 152) | (3 805) |
| Aandeelhouersfonds | (3 694) | (2 154) |
| Polishouersfonds | (2 458) | (1 651) |
| **Wins vir die jaar[1]** | 11 350 | 1 402 |
| Ander omvattende inkomste (ná belasting): sal in daaropvolgende tydperke deur wins of verlies hersirkuleer word | | |
| Bewegings in valuta-omsettingsreserwe | 2 082 | 3 143 |
| Ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste | 17 | - |
| Ander omvattende inkomste (ná belasting): sal nie in daaropvolgende tydperke deur wins of verlies hersirkuleer word nie | | |
| Werknemervoordele-hermetingsverlies | (81) | - |
| **Omvattende inkomste vir die jaar[1][2]** | 13 368 | 4 545 |
| **Toedeling van omvattende inkomste** | | |
| Wins vir die jaar | 11 350 | 1 402 |
| Aandeelhouersfonds[1] | 9 473 | 718 |
| Nie-beherende belang[1] | 1 877 | 684 |
| Omvattende inkomste vir die jaar | 13 368 | 4 545 |
| Aandeelhouersfonds[1] | 10 886 | 3 531 |
| Nie-beherende belang[1] | 2 482 | 1 014 |
| **Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers van die Maatskappy (sent)** | | |
| Wins vir die jaar: | | |
| Basiese verdienste per aandeel[1] | 459,5 | 34,8 |
| Verwaterde verdienste per aandeel[1] | 453,8 | 34,4 |

[1] *Vorige jaar herstateer vir hiperinflasiefout. Sien aantekening 10.1 vir addisionele inligting.*

[2] *Sien aantekening 9 in verband met die omvattende inkomste wat ten opsigte van vervreemdingsgroepe by bogenoemde resultate ingesluit is.*

# Staat van
# Ekwiteitsveranderinge

vir die jaar geëindig 31 Desember

| R miljoen | Aandele-kapitaal | Aandele-premie | Tesourie-aandele | Nie-uitkeerbare reserwe | Valuta-omsettings-reserwe[3] | Behoue verdienste[3] | Subtotaal: ekwiteit[3] | Konsolidasie-reserwe[4] | Aandeelhouersfonds[3] | Nie-beherende belang[3] | Totale ekwiteit[3] |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 1 Januarie 2020** | 23 | 13 429 | (4 127) | 9 979 | (2 642) | 59 851 | 76 513 | (9 196) | 67 317 | 12 043 | 79 360 |
| Hiperinflasie[3] | – | – | – | – | 911 | – | 911 | – | 911 | 87 | 998 |
| Omvattende inkomste[3] | – | – | – | – | 2 813 | 718 | 3 531 | – | 3 531 | 1 014 | 4 545 |
| Wins vir die jaar[3] | – | – | – | – | – | 718 | 718 | – | 718 | 684 | 1 402 |
| Ander omvattende inkomste | – | – | – | – | 2 813 | – | 2 813 | – | 2 813 | 330 | 3 143 |
| Ander omvattende inkomste (ná belasting): sal in daaropvolgende tydperke deur wins of verlies hersirkuleer word | | | | | | | | | | | |
| Bewegings in valuta-omsettingsreserwe | – | – | – | – | 2 767 | – | 2 767 | – | 2 767 | 376 | 3 143 |
| Ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste | – | – | – | – | 46 | – | 46 | – | 46 | (46) | – |
| Aandele uitgereik | (1) | (667) | 2 744 | – | – | (2 076) | – | – | – | – | – |
| Netto (verkryging)/verkoop van tesourie-aandele | – | – | (250) | – | – | (577) | (827) | (351) | (1 178) | (60) | (1 238) |
| Aandelegebaseerde betalings | – | – | – | – | – | 474 | 474 | – | 474 | 32 | 506 |
| Oordrag na nie-uitkeerbare reserwe | – | – | – | 81 | – | (81) | – | – | – | – | – |
| Oordrag na/(van) konsolidasiereserwe | – | – | – | – | – | (2 791) | (2 791) | 2 791 | – | – | – |
| Dividende | – | – | – | – | – | (6 938) | (6 938) | – | (6 938) | (816) | (7 754) |
| Verkrygings, vervreemdings en ander bewegings in belange | – | – | – | (15) | 12 | 598 | 595 | – | 595 | 212 | 807 |
| **Saldo op 31 Desember 2020 – Herstateer[3]** | 22 | 12 762 | (1 633) | 10 045 | 1 094 | 49 178 | 71 468 | (6 756) | 64 712 | 12 512 | 77 224 |
| Omvattende inkomste | – | – | – | – | 1 495 | 9 391 | 10 886 | – | 10 886 | 2 482 | 13 368 |
| Wins vir die jaar | – | – | – | – | – | 9 473 | 9 473 | – | 9 473 | 1 877 | 11 350 |
| Ander omvattende inkomste | – | – | – | – | 1 495 | (82) | 1 413 | – | 1 413 | 605 | 2 018 |
| Ander omvattende inkomste (ná belasting): sal in daaropvolgende tydperke deur wins of verlies hersirkuleer word | | | | | | | | | | | |
| Bewegings in valuta-omsettingsreserwe | – | – | – | – | 1 481 | – | 1 481 | – | 1 481 | 601 | 2 082 |
| Ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste | – | – | – | – | 14 | (1) | 13 | – | 13 | 4 | 17 |
| Ander omvattende inkomste (ná belasting): sal nie in daaropvolgende tydperke deur wins of verlies hersirkuleer word nie | | | | | | | | | | | |
| Werknemervoordele-hermetingsverlies | – | – | – | – | – | (81) | (81) | – | (81) | – | (81) |
| Netto (verkryging)/verkoop van tesourie-aandele[1] | – | – | (44) | – | – | (461) | (505) | 176 | (329) | (44) | (373) |
| Aandelegebaseerde betalings | – | – | – | – | – | 468 | 468 | – | 468 | 38 | 506 |
| Oordrag van nie-uitkeerbare reserwe | – | – | – | (13) | – | 13 | – | – | – | – | – |
| Oordrag (van)/na konsolidasiereserwe | – | – | – | – | – | (31) | (31) | 31 | – | – | – |
| Dividende[2] | – | – | – | – | – | (6 233) | (6 233) | – | (6 233) | (752) | (6 985) |
| Verkrygings, vervreemdings en ander bewegings in belange[5] | – | – | 6 | 2 | 4 | (137) | (125) | – | (125) | (719) | (844) |
| **Saldo op 31 Desember 2021** | 22 | 12 762 | (1 671) | 10 034 | 2 593 | 52 188 | 75 928 | (6 549) | 69 379 | 13 517 | 82 896 |

(1) *Bestaan uit verandering in koste van aandele deur filiale gehou, die aandeelaansporingstrust, ander gekonsolideerde fondse en die spesiale voertuig vir breë-basis swart ekonomiese bemagtiging (B-BSEB SV).*

(2) *'n Dividend van 334 sent per aandeel (2020: 300 sent per aandeel ) is in 2022 ten opsigte van die 2021-verdienste verklaar. Gegrond op die getal uitgereikte aandele op die verklaringsdatum sal die totale dividend na verwagting R6,9 miljard (ná voorsiening vir tesourie-aandele) beloop, maar dit kan verskil afhangende van die getal uitgereikte aandele op die laaste verhandelingsdag. Dividende wat ná die datum van die Staat van Finansiële Posisie voorgestel of verklaar word, word nie op die datum van die Staat van Finansiële Posisie erken nie.*

(3) *Die aanvanklike toepassing van IAS 29 het gelei tot 'n beginsaldo-aanpassing van R991 miljoen, toeskryfbaar aan die aandeelhouer, en R87 miljoen, toeskryfbaar aan die nie-beherende belang. Dit bestaan uit die herbasering van 1 Januarie 2020 se ekwiteit van R1 388 miljoen en 'n vermindering van die geïndekseerde nie-monetêre items tot verhaalbare bedrae van (R477) miljoen, wat beide klandisiewaarde en waarde van verkreë besigheid insluit. Vorige jaar herstateer vir hiperinflasie. Sien aantekening 10.1 vir addisionele inligting.*

(4) *Sien aantekening 13 in die Finansiële Jaarstate vir addisionele inligting.*

(5) *Bewegingslyn hou meestal verband met die vervreemding van Nucleus (R519 miljoen), die verandering in eienaarskap van Centres Asset Management (R105 miljoen) en African Rainbow Life (R79 miljoen), asook die verkryging van die oorblywende belang in Mirabilis Engineering (R174 miljoen).*

# Staat van Kontantvloei

vir die jaar geëindig 31 Desember

| R miljoen | 2021 | Herstateer[1] 2020 |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | (1 450) | (6 082) |
| Kontant aangewend in bedrywighede[1] | (15 499) | (18 175) |
| Rente en voorkeuraandeeldividende ontvang[1] | 15 514 | 15 535 |
| Rente betaal | (858) | (1 004) |
| Dividende ontvang[1] | 10 887 | 10 672 |
| Dividende betaal | (6 965) | (8 454) |
| Belasting betaal | (4 529) | (4 656) |
| **Kontantvloei uit beleggingsbedrywighede** | 695 | (1 733) |
| Betalings gemaak vir die aankoop van toerusting | (586) | (737) |
| Opbrengs in verband met die verkoop van toerusting | 48 | 61 |
| Betalings gemaak vir die aankoop van eienaar- geokkupeerde eiendom | (175) | (405) |
| Opbrengs in verband met die verkoop van eienaar-geokkupeerde eiendom | 18 | 441 |
| Verkryging van filiale en geassosieerde maatskappye | (93) | (1 144) |
| Vervreemding van filiale en geassosieerde maatskappye | 1 483 | 51 |
| **Kontantvloei uit finansieringsbedrywighede** | 172 | 1 792 |
| Verkryging van tesourie-aandele | (632) | (1 241) |
| Vervreemding van tesourie-aandele | 261 | – |
| Vervreemding van nie-beherende belang | (326) | 818 |
| Termynfinansiering verkry | 3 136 | 3 530 |
| Termynfinansiering terugbetaal | (1 848) | (664) |
| Huurverpligtinge terugbetaal | (419) | (651) |
| **Netto afname in kontant en kontant-ekwivalente** | (583) | (6 023) |
| Uitwerking van wisselkoersbewegings op kontantsaldo's | 2 251 | 1 695 |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van die jaar | 48 410 | 52 738 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van die jaar** | 50 078 | 48 410 |

[1] *Die vorige jaar se bedrae is herstateer om herbelegging van uitkerings van beleggingsfondse as nie-kontant te hanteer. Dit het nie die Staat van Finansiële Posisie, Staat van Omvattende Inkomste of die Staat van Veranderings in Ekwiteit beïnvloed nie. Sien aantekening 10 vir addisionele inligting.*





# Aantekeninge tot die Groep finansiële state

vir die jaar geëindig 31 Desember

## 1. VERDIENSTE PER AANDEEL

Vir **basiese verdienste per aandeel** word die geweegde gemiddelde aantal gewone aandele aangepas vir die tesourie-aandele wat deur filiale, gekonsolideerde beleggingsfondse en polishouers gehou word. Basiese verdienste per aandeel word bereken deur verdienste te verdeel deur die aangepaste geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele.

Vir **verwaterde verdienste per aandeel** word die geweegde gemiddelde aantal gewone aandele aangepas vir die aandele wat nog nie onder die Sanlam Aandeelaansporingskema uitgereik is nie en tesourieaandele wat deur filiale, gekonsolideerde beleggingvoertuie (insluitende die BBSEB SV) en polishouers gehou word. Die aandele wat deur die B-BSEB SV gehou word, word vir die doeleindes van verwaterde verdienste per aandeel geag 'n opsie te wees wat 'n impak op die verwatering sal hê namate die Sanlam-aandeleprys styg. Verwaterde verdienste per aandeel word bereken deur verdienste te verdeel deur die aangepaste verwaterde geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele.

| Sent | 2021 | Herstateer[1] 2020 |
|---|---|---|
| **Basiese verdienste per aandeel:** | | |
| Wesensverdienste[1] | 438,4 | 344,5 |
| Wins toeskryfbaar aan aandeelhouersfonds[1] | 459,4 | 34,6 |
| **Verwaterde verdienste per aandeel:** | | |
| Wesensverdienste[1] | 433,0 | 340,3 |
| Wins toeskryfbaar aan aandeelhouersfonds[1] | 453,7 | 34,2 |

[1] *Vorige jaar herstateer vir hiperinflasiefout. Sien aantekening 10.1 vir addisionele inligting.*

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

## 1. VERDIENSTE PER AANDEEL (VERVOLG)

| R miljoen | 2021 | Herstateer[(1)] 2020 |
|---|---|---|
| **Ontleding van verdienste:** | | |
| Wins toeskryfbaar aan aandeelhouersfonds[(1)] | 9 473 | 718 |
| *Minus:* Netto wins op vervreemding van filiale | (222) | (26) |
| *Minus:* Netto wins op vervreemding van geassosieerde maatskappye | (7) | (259) |
| *Minus:* Ekwiteitsverantwoorde nie- wesensverdienste | 8 | 4 |
| *Plus:* Waardedalings | (211) | 6 667 |
| **Wesensverdienste[(1)]** | 9 041 | 7 104 |

[(1)] *Vorige jaar herstateer vir hiperinflasiefout. Sien aantekening 10.1 vir addisionele inligting.*

| Miljoen | 2021 | 2020 |
|---|---|---|
| **Aantal aandele:** | | |
| Geweegde aantal uitgereikte gewone aandele | 2 226,9 | 2 265,7 |
| *Minus:* Geweegde Sanlam-aandele gehou deur filiale en gekonsolideerde voertuie (insluitend polishouers en BBSEB SV) | (164,8) | (203,7) |
| **Aangepaste geweegde gemiddelde aantal aandele vir basiese verdienste per aandeel** | 2 062,1 | 2 062,0 |
| *Plus:* Totale aantal aandele ten opsigte van Sanlam Beperk langtermyn-aansporingskemas | 25,7 | 25,8 |
| **Aangepaste geweegde gemiddelde aantal aandele vir verwaterde verdienste per aandeel** | 2 087,8 | 2 087,8 |

## 2. SEGMENTELE INLIGTING

| R miljoen | 2021 | 2020 |
|---|---|---|
| **Segment IFRS 15-inkomste uit kontrakte met kliënte** | | |
| Sanlam Lewens en Spaar | 7 287 | 8 358 |
| Sanlam Opkomende Markte | 1 066 | 986 |
| Sanlam Beleggingsgroep | 6 600 | 6 572 |
| Santam | 352 | 347 |
| **Totale IFRS 15-inkomste** | 15 305 | 16 263 |

### Disaggregasie van inkomste

*Volgens die primêre geografiese gebied*

| R miljoen | Suid-Afrika | Res van Afrika | Ander internasionale | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| **31 Desember 2021** | | | | |
| IFRS 15-inkomste | 10 697 | 1 097 | 3 511 | 15 305 |
| Administrasiefooie | 6 722 | 610 | 1 342 | 8 674 |
| Batebestuur- en prestasiefooie | 2 538 | 397 | 1 695 | 4 630 |
| Kommissies | 557 | 90 | 454 | 1 101 |
| Konsultasiefooie | 309 | – | 16 | 325 |
| Aktuariële en risikobestuurfooie | 238 | – | – | 238 |
| Trust- en boedelfooie | 179 | – | – | 179 |
| Ander | 154 | – | 4 | 158 |
| Inkomste nie binne bestek van IFRS 15 | 68 053 | 29 088 | 4 441 | 101 582 |
| **Inkomste van finansiële dienste** | 78 750 | 30 185 | 7 952 | 116 887 |

| R miljoen | Suid-Afrika | Res van Afrika | Ander internasionale | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| **31 Desember 2020** | | | | |
| IFRS 15-inkomste | 11 622 | 1 016 | 3 625 | 16 263 |
| Administrasiefooie | 8 131 | 569 | 532 | 9 232 |
| Batebestuur- en prestasiefooie | 2 276 | 361 | 2 355 | 4 992 |
| Kommissies | 472 | 86 | 716 | 1 274 |
| Konsultasiefooie | 308 | – | 20 | 328 |
| Aktuariële en risikobestuurfooie | 222 | – | – | 222 |
| Trust- en boedelfooie | 136 | – | – | 136 |
| Ander | 77 | – | 2 | 79 |
| Inkomste nie binne bestek van IFRS 15 | 51 348 | 31 216 | 5 874 | 88 438 |
| **Inkomste van finansiële dienste** | 62 970 | 32 232 | 9 499 | 104 701 |

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 2 SEGMENTELE INLIGTING (VERVOLG)

## Disaggregasie van inkomste (vervolg)

*Volgens die tydstip waarop inkomste erken word*

| R miljoen | Op 'n bepaalde tydstip | Oor tyd | Totaal |
|---|---|---|---|
| **31 Desember 2021** | | | |
| IFRS 15-inkomste | 1 368 | 13 937 | 15 305 |
| Administrasiefooie | 319 | 8 355 | 8 674 |
| Batebestuur- en prestasiefooie | 21 | 4 609 | 4 630 |
| Kommissies | 888 | 213 | 1 101 |
| Konsultasiefooie | 30 | 295 | 325 |
| Aktuariële en risikobestuurfooie | – | 238 | 238 |
| Trust- en boedelfooie | 104 | 75 | 179 |
| Ander | 6 | 152 | 158 |
| Inkomste nie binne bestek van IFRS 15 | | | 101 582 |
| **Inkomste van finansiële dienste** | | | 116 887 |

| R miljoen | Op 'n bepaalde tydstip | Oor tyd | Totaal |
|---|---|---|---|
| **31 Desember 2020** | | | |
| IFRS 15-inkomste | 1 470 | 14 793 | 16 263 |
| Administrasiefooie | 316 | 8 916 | 9 232 |
| Batebestuur- en prestasiefooie | 5 | 4 987 | 4 992 |
| Kommissies | 1 049 | 225 | 1 274 |
| Konsultasiefooie | 23 | 305 | 328 |
| Aktuariële en risikobestuurfooie | – | 222 | 222 |
| Trust- en boedelfooie | 74 | 62 | 136 |
| Ander | 3 | 76 | 79 |
| Inkomste nie binne bestek van IFRS 15 | | | 88 438 |
| **Inkomste van finansiële dienste** | | | 104 701 |

# 3. AANTEKENINGE TOT DIE STAAT VAN KONTANTVLOEI

## 3.1 Kontant aangewend in bedrywighede

| R miljoen | 2021 | Herstateer[1] 2020 |
|---|---|---|
| Wins voor belasting volgens Staat van Omvattende Inkomste[1] | 17 502 | 5 207 |
| Netto beweging in polisverpligtinge | 75 774 | 24 446 |
| Nie-kontantvloei-items[1] | (68 174) | (458) |
| Waardevermindering | 1 032 | 1 139 |
| Slegte skuld afgeskryf | 140 | 171 |
| Aandelegebaseerde betalings | 506 | 506 |
| Wins op vervreemding van filiale en geassosieerdes | (234) | (285) |
| Billike waarde aanpassings en beweging in eksterne beleggersverpligtinge | (68 716) | (10 716) |
| Netto monetêre verlies (hiperinflasie)[1] | 2 | 697 |
| Waardedaling in beleggings en klandisiewaarde | 88 | 9 275 |
| Amortisasie van ontasbare bates | 1 248 | 1 323 |
| Ekwiteitsverantwoorde verdienste | (2 240) | (2 568) |
| Items uitgesluit uit kontant aangewend in besighede | (29 728) | (29 633) |
| Rente en voorkeuraandeledividende ontvang | (18 486) | (18 326) |
| Rente betaal | 1 012 | 1 051 |
| Dividende ontvang | (12 254) | (12 358) |
| Netto verkryging van beleggings[2] | (13 125) | (18 284) |
| Toename in netto bedryfskapitaalbates en -laste | 2 252 | 547 |
| **Kontant aangewend in besighede[2]** | (15 499) | (18 175) |

[1] *Vorige jaar herstateer. Sien aantekening 10 vir addisionele inligting.*
[2] *Vorige jaar herstateer om herbelegging van uitkerings van beleggingsfondse ontvang as nie-kontant te hanteer. Verwys na nota 10.3 vir meer inligting.*

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 3. AANTEKENINGE TOT DIE STAAT VAN KONTANTVLOEI (VERVOLG)

## 3.2 Kontant en kontantekwivalente

Vir die doeleindes van die Staat van Kontantvloei bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande, daggelddeposito's by banke en ander korttermyn, hoogs likiede beleggings met oorspronklike vervaldatums van drie maande of minder en waarvan die risiko van verandering in waarde onbeduidend is.

| R miljoen | 2021 | 2020 |
|---|---|---|
| Bedryfskapitaal: Kontant en kontant-ekwivalente | 27 701 | 30 094 |
| Beleggingskontant | 39 175 | 44 983 |
| Oortrokke bankrekeninge | (1 153) | (848) |
| **Totale kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite – soos per Staat van Finansiële Posisie** | 65 723 | 74 229 |
| *Minus:* Beleggingskontant met oorspronklike vervaldatums groter as 3 maande | (19 227) | (25 819) |
| *Plus:* Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite ingesluit by nie-bedryfsbates te koop gehou | 3 582 | – |
| **Totale kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite – soos per Staat van Kontantvloeie** | 50 078 | 48 410 |

Beperkte kontantsaldo's van R4 847 miljoen (2020: R3 435 miljoen) wat hoofsaaklik verband hou met Krediet-ondersteuningsooreenkomste met afgeleide teenpartye asook aanvangsmarges by die JSE ten opsigte van beursverhandelde afgeleide instrumente, is by kontant en kontantekwivalente ingesluit.

# 4. VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

Aandeelhouers word verwys na die openbaarmakings oor voorwaardelike aanspreeklikhede in die 2021 jaarlikse finansiële state. Die omstandighede rondom die voorwaardelike aanspreeklikhede is wesenlik onveranderd.

# 5. DAAROPVOLGENDE GEBEURE

Gedurende die Begrotingsrede van Februarie 2022 het die Suid-Afrikaanse Minister van Finansies 'n verlaging van 28% na 27% in die korporatiewe inkomstebelastingkoers aangekondig, wat van toepassing sal wees op maatskappye wie se assesseringsjaar eindig op of na 31 Maart 2023. Die Groep verwag nie dat hierdie wysiging 'n wesenlike impak sal hê nie.

Geen ander belangrike feite of omstandighede wat 'n wesenlike impak het op die finansiële posisie van die Sanlam Groep op 31 Desember 2021 soos in hierdie finansiële state weerspieël, het tussen die datum van 31 Desember 2021 en hierdie verslag ontstaan nie.

# 6. BESIGHEIDSAMEVOEGINGS

Daar was geen wesenlike verkrygings gedurende die 2021 finansiële jaar nie.

# 7. OPENBAARMAKINGS AANGAANDE BILLIKE WAARDE

## Finansiële instrumente

Finansiële instrumente wat op die Staat van Finansiële Posisie verskyn, sluit beleggings (uitgesluit beleggings-eiendomme, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings), debiteure, kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite, beleggingsbeleidskontrakte, termynfinansieringslaste, verpligtinge ten opsigte van eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse, en krediteure in.

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 7. OPENBAARMAKINGS AANGAANDE BILLIKE WAARDE (VERVOLG)

## Erkenning en onterkenning

Finansiële instrumente word erken wanneer die Groep 'n party word tot 'n kontraktuele ooreenkoms wat 'n finansiële bate of finansiële las vir die Groep uitmaak wat nie aan opskortende voorwaardes onderhewig is nie. Gewone beleggingstransaksies word erken deur rekeningkunde met betrekking tot die datum waarop die ooreenkoms aangegaan is, te gebruik.

Finansiële bates word onterken wanneer die kontraktuele regte om die kontantvloeie te ontvang, verstryk of wanneer die bate oorgedra word. By onterkenning van 'n finansiële bate word die verskil tussen die drabedrag op die onterkenningsdatum en die koopsom wat ontvang is, in wins of verlies erken.

Finansiële laste word onterken wanneer die verpligting om kontant of ander middele ooreenkomstig die kontrak te lewer, vervul of gekanselleer is of verstryk het. By onterkenning van 'n finansiële las word die verskil tussen die drabedrag wat uitgewis is en die koopsom wat betaal is, in wins of verlies erken.

Sydelingse sekuriteit wat by teenpartye geplaas word as deel van die Groep se kapitaalmark-bedrywighede word nie onterken nie. Geen oordrag van eienaarskap vind plaas ten opsigte van ander sydelingse sekuriteit behalwe kontant nie en enige sodanige sydelingse sekuriteit wat deur teenpartye aanvaar word, mag nie vir enige ander doel gebruik word as om as sekuriteit gehou te word vir die transaksies waarmee sodanige sekuriteit verband hou nie. Wat kontantsekuriteit betref, word eienaarskap regtens oorgedra. Die teenparty het egter ook 'n verpligting om dieselfde bedrag kontant, tesame met rente, terug te betaal indien daar geen wanbetaling was met betrekking tot die transaksies waarmee sodanige kontantsekuriteit verband hou nie. Kontantsekuriteit word gevolglik ook nie onterken nie.

## Klassifikasie

### *Finansiële bates*

By aanvanklike erkenning word 'n finansiële bate erken as gemeet teen:

- Geamortiseerde koste,
- Billike waarde deur wins of verlies (hetsy verpligtend of aangewys), of
- Billike waarde deur ander omvattende inkomste.

'n Finansiële bate word teen geamortiseerde koste gemeet indien dit aan die volgende voorwaardes voldoen en nie as teen billike waarde deur wins of verlies aangewys word nie:

- Dit word gehou binne 'n sakemodel waarvan die doel is om bates te hou om kontraktuele kontantvloeie in te vorder; en
- die kontraktuele voorwaardes gee op spesifieke datums aanleiding tot kontantvloei wat uitsluitlik die betaling van die hoofsom en rente op die uitstaande hoofbedrag is.

'n Skuldinstrument word slegs teen billike waarde deur ander omvattende inkomste gemeet indien dit aan albei die volgende voorwaardes voldoen:

- die bate word gehou binne 'n sakemodel waarvan die doelwit bereik word deur beide die invordering van kontraktuele kontantvloei en die verkoop van finansiële bates; en
- die kontraktuele voorwaardes gee op spesifieke datums aanleiding tot kontantvloei wat uitsluitlik die betaling van die hoofsom en rente op die uitstaande hoofbedrag is.

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 7. OPENBAARMAKINGS AANGAANDE BILLIKE WAARDE (VERVOLG)

## Klassifikasie vervolg

### *Finansiële bates vervolg*

Alle finansiële bates wat nie geklassifiseer word as synde gemeet teen geamortiseerde koste of billike waarde deur ander omvattende inkomste soos hierbo beskryf nie, word verpligtend gemeet teen billike waarde deur wins of verlies. Die Groep verklaar ook sekere finansiële bates wat andersins sou voldoen aan die vereistes om deur ander omvattende inkomste teen geamortiseerde koste of teen billike waarde deur wins of verlies gemeet te word indien 'n rekeningkundige wanverhouding wat andersins sou ontstaan het, hierdeur uitgeskakel of beduidend verminder word.

### *Finansiële laste*

By aanvanklike erkenning klassifiseer die Groep sy finansiële laste in een van die volgende kategorie:

- Geamortiseerde koste, of
- Billike waarde deur wins of verlies (hetsy verpligtend of aangewys).

Die klassifikasie van finansiële instrumente word by aanvanklike erkenning bepaal op grond van die doel waarvoor die finansiële bates verkry of laste aanvaar word. Finansiële laste wat deur wins of verlies as teen billike waarde geklassifiseer word, bestaan uit laste wat vir verkoop gehou word, insluitende afgeleide instrumente (verpligte billike waarde deur wins of verlies) en finansiële laste wat as teen billike waarde deur wins of verlies aangewys word.

By aanvanklike erkenning verklaar die Groep 'n finansiële las as teen billike waarde deur wins of verlies wanneer dit meer relevante inligting tot gevolg het omdat:

- dit 'n metings- of erkenningsteenstrydigheid uitskakel of beduidend verminder wat andersins sou ontstaan het uit die meting van bates of laste of die erkenning van die wins en verliese daarop op verskillende grondslae; of
- 'n groep finansiële laste, of 'n groep finansiële bates en laste bestuur word en die prestasie daarvan op die grondslag van billike waarde geëvalueer word ooreenkomstig 'n gedokumenteerde risikobestuur- of beleggingstrategie en inligting oor die Groep intern op daardie grondslag aan die entiteit se hoofbestuur verskaf word.

Die Groep verklaar finansiële instrumente as teen billike waarde deur wins of verlies ooreenkomstig sy risikobestuurbeleide en -prosedures wat gegrond is op die bestuur van die Groep se kapitaal en bedrywighede op die grondslag van billike waarde. Die grondslag vir die Groep se interne bestuursverslagdoening is in ooreenstemming met die klassifikasie van sy finansiële instrumente.

## Waardedaling

Die Groep erken voorsiening vir verwagte kredietverliese op:

- Finansiële bates wat teen geamortiseerde koste gemeet word (insluitend kontrakbates/kontrakdebiteure); en
- Finansiële waarborgkontrakte.

Op elke verslagdatum word die verliesvoorsienings gemeet teen 'n bedrag gelykstaande aan verwagte lewenslange kredietverliese indien die kredietrisiko op die finansiële instrument sedert aanvanklike erkenning beduidend verhoog het.

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

## 7. OPENBAARMAKINGS AANGAANDE BILLIKE WAARDE (VERVOLG)

### Waardedaling vervolg

Op elke verslagdatum word die verliesvoorsiening gemeet teen 'n bedrag gelykstaande aan die verwagte kredietverliese oor 'n tydperk van 12 maande indien:

- Die kredietrisiko op 'n finansiële instrument nie sedert die aanvanklike erkenning beduidend verhoog het nie; of
- Bepaal word dat finansiële instrumente op die verslagdatum 'n lae kredietrisiko het.

Die Groep bepaal of die kredietrisiko op 'n finansiële instrument beduidend verhoog het deur die risiko van wanbetaling op die finansiële instrument op die verslagdatum te vergelyk met die risiko van wanbetaling op die finansiële instrument op die datum van aanvanklike erkenning, tesame met redelike en stawende inligting wat op beduidende verhogings van die kredietrisiko sedert aanvanklike erkenning dui. Kredietverstrek is die onvermoë of onwilligheid van 'n teenparty tot 'n finansiële instrument om sy kontraktuele verpligtinge na te kom.

Op elke verslagdatum word die verliesvoorsienings gemeet teen 'n bedrag gelykstaande aan die verwagte kredietverliese oor 'n tydperk van 12 maande indien die kredietrisiko op 'n finansiële instrument nie sedert aanvanklike erkenning beduidend verhoog het nie. Daar word aangeneem dat finansiële instrumente wat geag word op die verslagdatum 'n lae kredietrisiko te hê, geen beduidende verhoging in kredietrisiko het nie.

Op elke verslagdatum word die verliesvoorsienings gemeet teen 'n bedrag gelykstaande aan verwagte lewenslange kredietverliese indien die kredietverlies op die finansiële instrument sedert aanvanklike erkenning beduidend verhoog het.

Verwagte kredietverliese oor 'n tydperk van 12 maande is die deel van verwagte kredietverliese wat voortspruit uit wanbetalings wat moontlik is binne die 12 maande na die verslagdatum. Verwagte lewenslange kredietverliese is die verwagte kredietverliese voortspruitend uit alle wanbetalings oor die verwagte lewensduur van 'n finansiële instrument.

'n Waardedalingswins of -verlies word in wins of verlies erken vir die bedrag van verwagte kredietverliese (of omkerings) wat nodig is om die verliesvoorsiening op die verslagdatum aan te pas.

### Meting van verwagte kredietverliese

Verwagte kredietverliese is 'n waarskynlikheidsgeweegde raming van kredietverliese, gemeet as die huidige waarde van alle kontanttekorte (die verskil tussen die kontantvloeie verskuldig aan die Groep ingevolge die kontrak, en die kontantvloei wat die Groep verwag om te ontvang).

### Bepaling van billike waarde en billikewaardehiërargie

Hieronder volg die vereiste openbaarmaking van billikewaarde-metings, waarvoor 'n billikewaardehiërargie van drie vlakke gebruik is wat die belangrikheid van die insette wat by die bepaling van metings gebruik is, weerspieël. Daar moet daarop gelet word dat hierdie openbaarmakings slegs bates en laste dek wat teen billike waarde gemeet is.

Die **vlak 1**-kategorie sluit bates en laste in wat gemeet word met verwysing na onaangepaste, gekwoteerde pryse in 'n aktiewe mark vir identiese bates en laste.

Die **vlak 2**-kategorie sluit bates en laste in wat gemeet word met behulp van ander insette as gekwoteerde pryse en gekwoteerde pryse in 'n onaktiewe mark wat by vlak 1 ingesluit is en wat hetsy regstreeks (d.w.s. as pryse) of onregstreeks (d.w.s. afgelei van pryse) vir die bate of las waarneembaar is. Byvoorbeeld, instrumente wat gemeet word met behulp van 'n waardasietegniek gegrond op aannames wat ondersteun word deur pryse van waarneembare huidige marktransaksies, word as vlak 2 gekategoriseer.

Bates en laste wat met behulp van insette gemeet word wat nie op waarneembare markdata gegrond is nie, word as **vlak 3** gekategoriseer.

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 7. OPENBAARMAKINGS AANGAANDE BILLIKE WAARDE (VERVOLG)

## Bepaling van billike waarde en billikewaardehiërargie vervolg

| R miljoen | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| **Herhalende metings van billike waarde 31 Desember 2021** | | | | |
| **Nie-finansiële instrumente** | | | | |
| Beleggingseiendom | – | – | 17 980 | 17 980 |
| **Finansiële instrumente** | 561 338 | 235 583 | 4 225 | 801 146 |
| Aandele en soortgelyke sekuriteite | 186 401 | 3 220 | 2 337 | 191 958 |
| Beleggings in gesamentlike ondernemings | – | – | 444 | 444 |
| Rentedraende beleggings | 102 744 | 156 051 | 550 | 259 345 |
| Gestruktureerde transaksies | 585 | 11 849 | – | 12 434 |
| Beleggingsfondse | 261 685 | 15 752 | 708 | 278 145 |
| Handels- en ander debiteure | 9 923 | 8 911 | 186 | 19 020 |
| Kontantdeposito's en soortgelyke sekuriteite: Beleggings | – | 37 846 | – | 37 846 |
| Kontantdeposito's en soortgelyke sekuriteite: Bedryfskapitaal | – | 1 954 | – | 1 954 |
| **Totale bates teen billike waarde** | 561 338 | 235 583 | 22 205 | 819 126 |
| **Finansiële instrumente** | 86 689 | 486 799 | 360 | 573 848 |
| Beleggingskontrakverpligtinge | – | 454 538 | – | 454 538 |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse | 83 310 | 1 836 | 360 | 85 506 |
| Termynfinansiering | 10 | 4 534 | – | 4 544 |
| Gestruktureerde transaksie-verpligtinge | 3 | 8 895 | – | 8 898 |
| Handels- en ander krediteure | 3 366 | 16 996 | – | 20 362 |
| **Totale laste teen billikewaarde** | 86 689 | 486 799 | 360 | 573 848 |

| R miljoen | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| **Herhalende metings van billike waarde 31 Desember 2020-Herstateer[1]** | | | | |
| **Nie-finansiële instrumente** | | | | |
| Beleggingseiendom | – | – | 20 302 | 20 302 |
| **Finansiële instrumente[1]** | 520 401 | 253 495 | 3 130 | 777 026 |
| Aandele en soortgelyke sekuriteite[1] | 180 000 | 4 718 | 1 146 | 185 864 |
| Beleggings in gesamentlike ondernemings | – | – | 427 | 427 |
| Rentedraende beleggings | 94 948 | 155 101 | 542 | 250 591 |
| Gestruktureerde transaksies | 117 | 29 449 | – | 29 566 |
| Beleggingsfondse | 239 067 | 12 342 | 617 | 252 026 |
| Handels- en ander debiteure | 6 269 | 6 356 | 398 | 13 023 |
| Kontantdeposito's en soortgelyke sekuriteite: Beleggings | – | 42 236 | – | 42 236 |
| Kontantdeposito's en soortgelyke sekuriteite: Bedryfskapitaal | – | 3 293 | – | 3 293 |
| **Totale bates teen billike waarde[1]** | 520 401 | 253 495 | 23 432 | 797 328 |
| **Finansiële instrumente[1]** | 83 766 | 471 535 | 2 156 | 557 457 |
| Beleggingskontrakverpligtinge | 387 | 432 499 | 1 698 | 434 584 |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse[1] | 81 102 | 1 040 | 446 | 82 588 |
| Termynfinansiering | 50 | 4 090 | – | 4 140 |
| Gestruktureerde transaksieverpligtinge | – | 22 958 | 12 | 22 970 |
| Handels- en ander krediteure | 2 227 | 10 948 | – | 13 175 |
| **Totale laste teen billike waarde[1]** | 83 766 | 471 535 | 2 156 | 557 457 |

[1] *Vorige jaar herstateer vir IFRS 10 gekonsolideerde beleggingsvoertuig-omrekeningsfout. Sien aantekening 10.2 vir addisionele inligting.*

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 7. OPENBAARMAKINGS AANGAANDE BILLIKE WAARDE (VERVOLG)

## Rekonsiliasie van bewegings in vlak 3-bates en -laste gemeet teen billike waarde

| R miljoen | Beleg-gings-eiendom | Aandele en soortgelyke sekuriteite | Belegging in gesamentlike ondernemings | Rentedraende beleggings | Beleggingsfondse | Handels- en ander debiteure | Totale bates |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **2021** | | | | | | | |
| **Bates** | | | | | | | |
| Saldo op 1 Januarie 2021 | 20 302 | 1 146 | 427 | 542 | 617 | 398 | 23 432 |
| Netto (verlies)/wins in Staat van Omvattende Inkomste | (371) | (178) | 17 | 43 | (377) | (226) | (1 092) |
| Verkrygings | 720 | 1 543 | – | 1 | 528 | 1 | 2 793 |
| Vervreemdings/vereffeninge | (955) | (72) | – | (36) | (59) | (46) | (1 168) |
| Valutabewegings | 116 | (69) | – | – | (1) | (5) | 41 |
| Herklassifiseer as nie-bedryfsbates gehou vir verkoop | (2 193) | (33) | – | – | – | – | (2 226) |
| Oordragte na eienaar-geokkupeerde eiendomme | 361 | – | – | – | – | – | 361 |
| Oordrag in vlak 3 | – | – | – | – | – | 64 | 64 |
| **Saldo op 31 Desember 2021** | 17 980 | 2 337 | 444 | 550 | 708 | 186 | 22 205 |
| **2020** | | | | | | | |
| Saldo op 1 Januarie 2020 | 21 565 | 1 134 | 400 | 498 | 714 | 62 | 24 373 |
| Netto (verlies)/wins in Staat van Omvattende Inkomste | (2 222) | 62 | 27 | 20 | (24) | 45 | (2 092) |
| Verkry deur besigheidsamestellings | 4 | – | – | – | – | – | 4 |
| Verkrygings | 1 530 | 142 | – | 24 | 139 | 338 | 2 173 |
| Vervreemdings van filiale | (91) | – | – | – | – | – | (91) |
| Vervreemdings | (458) | (225) | – | – | (221) | – | (904) |
| Valutabewegings | 921 | 33 | – | – | 9 | (47) | 916 |
| Herklassifiseer as nie-bedryfsbates gehou vir verkoop | (3) | – | – | – | – | – | (3) |
| Oordragte na eienaar-geokkupeerde eiendomme | (944) | – | – | – | – | – | (944) |
| **Saldo op 31 Desember 2020** | 20 302 | 1 146 | 427 | 542 | 617 | 398 | 23 432 |

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

## 7. OPENBAARMAKINGS AANGAANDE BILLIKE WAARDE (VERVOLG)

### Rekonsiliasie van bewegings in vlak 3-bates en -laste gemeet teen billike waarde vervolg

| R miljoen | Beleggingskontrakverpligtinge | Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse | Gestruktureerde transaksie verpligtinge | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| **2021** | | | | |
| **Laste** | | | | |
| Saldo op 1 Januarie 2021 | 1 698 | 446 | 12 | 2 156 |
| Netto verlies/(wins) in Staat van Omvattende Inkomste | 38 | (115) | – | (77) |
| Verkrygings | 29 | – | – | 29 |
| Vervreemdings | (154) | – | (12) | (166) |
| Valutabewegings | 20 | 29 | – | 49 |
| Herklassifiseer as nie-bedryfslaste gehou vir verkoop | (1 631) | – | – | (1 631) |
| **Saldo op 31 Desember 2021** | – | 360 | – | 360 |
| **2020** | | | | |
| **Laste** | | | | |
| Saldo op 1 Januarie 2020 | 1 641 | 543 | – | 2 184 |
| Netto verlies/(wins) in Staat van Omvattende Inkomste | 1 | (138) | – | (137) |
| Verkrygings | 47 | – | 12 | 59 |
| Vervreemdings | (133) | – | – | (133) |
| Valutabewegings | 142 | 41 | – | 183 |
| **Saldo op 31 Desember 2020** | 1 698 | 446 | 12 | 2 156 |

| R miljoen | 2021 | 2020 |
|---|---|---|
| **Verliese (gerealiseer en ongerealiseer) ingesluit in Staat van Omvattende Inkomste** | | |
| Totale verliese ingesluit in Staat van Omvattende Inkomste vir die tydperk | (2 015) | (2 665) |
| Totale ongerealiseerde verliese ingesluit in Staat van Omvattende Inkomste vir bates gehou aan die einde van die verslagtydperk | (623) | (1 485) |

### *Oordragte tussen vlakke*

| R miljoen | Rentedraende beleggings[(1)] | Beleggingsfondse[(1)] | Totale bates |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| **2021** | | | |
| Oordrag van vlak 1 na vlak 2 | (7 329) | – | (7 329) |
| Oordrag van vlak 2 na vlak 1 | 211 | – | 211 |
| **2020** | | | |
| Oordrag van vlak 1 na vlak 2 | (3 627) | (2 715) | (6 342) |
| Oordrag van vlak 2 na vlak 1 | – | 11 013 | 11 013 |

(1) *Instrumente wat nie aktief in die mark verhandel is nie, is van vlak 1 na vlak 2 oorgedra. Instrumente wat aktief in die mark verhandel word, is van vlak 2 na vlak 1 oorgedra.*

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 7. OPENBAARMAKINGS AANGAANDE BILLIKE WAARDE (VERVOLG)

## Waardasietegnieke gebruik by die bepaling van billike waarde van bates en laste

| Instrument | Van toepassing op vlak | Waardasiegrondslag | Hoofaannames | Beduidende onwaarneembare insette |
|---|---|---|---|---|
| Eiendomme | 3 | Onlangs gekontrakteerde pryse, verdiskonteerde kontantvloei-model (VKM) en verdiensteveelvoud | Verband- en ruilrentekoers-kromme, kapitalisasiekoers, koste van kapitaal, Verbruikersprysindeks en kontantvloeiprojeksies (met inbegrip van persentasie leë ruimte) | Kapitalisasiekoers, verdiskonteringskoers en kontantvloeiprojeksies (met inbegrip van persentasie leë ruimte) |
| Aandele en soortgelyke sekuriteite | 2 en 3 | Verdiskonteerde kontantvloei-model en verdiensteveelvoud | Koste van kapitaal en Verbruikersprysindeks | Koste van kapitaal, aangepaste verdiensteveelvoud, begrotings en projeksies |
| Rentedraende-beleggings | 2 en 3 | VKM, gekwoteerde inset-/teruggaweprys deur uitreiker | Verband- en ruilrentekoers-kromme, kapitalisasiekoers, koste van kapitaal, en Verbruikersprysindeks | Verdiskonteringskoers en koste van kapitaal |
| Bates en laste van gestruktureerde transaksies | 2 en 3 | Opsieprysbepalingsmodelle en VKM | Verband- en ruilrentekoers-kromme, verwagte aandele- en valutakoerse, en aanpassings van volatiliteitsrisiko | N.v.t. |
| Beleggings-kontrak-verpligtinge en beleggings-fondse | 2 en 3 | Huidige onderaandele-prys van onderliggende onderaandeelverdeelde bate, vermenigvuldig met die aantal onder-aandele wat gehou word, verdiensteveelvoud en VKM | Verband- en ruilrentekoers-kromme, kapitalisasiekoers, koste van kapitaal, en Verbruikersprysindeks | Verdiensteveelvoud |
| Handels- en ander debiteure/krediteure | 2 en 3 | VKM, verdiensteveelvoud, gekwoteerde inset-/teruggaweprys deur uitreiker en opsie-prysbepalingsmodelle | Verband- en ruilrentekoers-kromme, koste van kapitaal, Verbruikers-prysindeks, termynkoers, kredietrisikoverspreiding en likiditeitsverspreiding | N.v.t. |
| Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite | 2 | Waardasie teenoor markprys en opbrengskromme | Verband- en ruilrentekoers-kromme | N.v.t. |
| Belegging in gesamentlike ondernemings | 3 | Verdiensteveelvoud | Verdiensteveelvoud, landrisiko en grootte van die besigheid en bemarkbaarheid | Aangepaste verdiensteveelvoud en volhoubare EBITDA |
| Termynfinansiering | 2 | VKM | Verband- en termynkoers, kredietwaardigheid van uitreiker, likiditeitsverspreidings en ooreenkomsrentekrommes | N.v.t. |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse | 2 en 3 | Huidige onderaandele-prys van onderliggende onderaandeel-verdeelde bate, vermenigvuldig met die aantal onderaandele wat gehou word | Onderaandelepryse | Gegrond op onderliggende bates |

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 7. OPENBAARMAKINGS AANGAANDE BILLIKE WAARDE (VERVOLG)

## Sensitiwiteit van vlak 3-bates en -laste gemeet teen billike waarde vir veranderings in belangrike aannames

*Bates*

| R miljoen | Drabedrag | Effek van 'n 10%-verhoging in risiko-aanpassings | Effek van 10% daling in risiko aanpassings | Drabedrag | Effek van 1% styging in basis/kapitalisasiekoers | Effek van 1% daling in basis/kapitalisasiekoers |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Eiendomme** | | | | | | |
| **2021** | | | | | | |
| Kontantvloeirisiko-aanpassings[1] | 17 980 | (1 798) | 1 798 | | | |
| Basiskoers | | | | 9 111 | (344) | 371 |
| Kapitalisasiekoers | | | | 9 111 | (429) | 516 |

| R miljoen | Drabedrag | Effek van 'n 10% toename in waarde | Effek van 'n 10% afname in waarde |
|---|---|---|---|
| Verdiensteveelvoud[2] | 8 869 | 887 | (887) |

| R miljoen | **Drabedrag** | **Effek van 'n 10%-verhoging in risiko-aanpassings** | **Effek van 10% daling in risiko aanpassings** | **Drabedrag** | **Effek van 1% styging in basis/kapitalisasiekoers** | **Effek van 1% daling in basis/kapitalisasiekoers** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **2020** | | | | | | |
| Kontantvloeirisiko-aanpassings[1] | 20 302 | (2 030) | 2 030 | | | |
| Basiskoers | | | | 10 144 | (364) | 394 |
| Kapitalisasiekoers | | | | 10 144 | (470) | 574 |

| R miljoen | **Drabedrag** | **Effek van 'n 10% toename in waarde** | **Effek van 'n 10% afname in waarde** |
|---|---|---|---|
| Verdiensteveelvoud[2] | 10 158 | 1 016 | (1 016) |

[1] *Beleggingseiendomme bestaan uit Sanlam Lewens-eiendomme wat met behulp van kapitalisasie- en verdiskonteringskoerse gewaardeer is, met sensitiwiteit wat op hierdie twee onwaarneembare insette gegrond is.*

[2] *Dit bestaan ook uit Saham Finances-eiendomme wat gewaardeer is deur 'n veelvoud van verdienste te gebruik.*

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 7. OPENBAARMAKINGS AANGAANDE BILLIKE WAARDE (VERVOLG)

| R miljoen | Drabedrag | Effek van 'n 10%-styging in prys-veelvoud | Effek van 'n 10%-daling in prys-veelvoud | Drabedrag | Effek van 'n 1%-styging in verdiskonte-ringskoers | Effek van 'n 1%-styging in verdiskonte-ringskoers |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ander beleggings** | | | | | | |
| **2021** | | | | | | |
| Aandele en soortgelyke sekuriteite | 2 337 | 234 | (234) | | | |
| Belegging in gesamentlike ondernemings | 444 | 44 | (44) | | | |
| Rentedraende beleggings | | | | 550 | (31) | 31 |
| Beleggingsfondse | 708 | 71 | (71) | | | |
| Handels- en ander debiteure | | | | 186 | (14) | 14 |
| **Totaal** | 3 489 | 349 | (349) | 736 | (45) | 45 |
| **2020** | | | | | | |
| Aandele en soortgelyke sekuriteite | 1 146 | 115 | (115) | | | |
| Belegging in gesamentlike ondernemings | 427 | 43 | (43) | | | |
| Rentedraende beleggings | | | | 542 | (21) | 21 |
| Beleggingsfondse | 617 | 62 | (62) | | | |
| Handels- en ander debiteure | | | | 398 | (16) | 16 |
| **Totaal** | 2 190 | 220 | (220) | 940 | (37) | 37 |

*Laste*

| R miljoen | **Drabedrag**[(1)] | **Effek van 'n 10%-styging in veelvoud** | **Effek van 'n 10%-daling in veelvoud** |
|---|---|---|---|
| **2021** | | | |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse | 360 | 36 | (36) |
| **Totale laste** | 360 | 36 | (36) |
| **2020** | | | |
| Beleggingskontrak-verpligtinge | 1 698 | 170 | (170) |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse | 446 | 45 | (45) |
| Gestruktureerde transaksie-verpligtinge | 12 | 1 | (1) |
| **Totale laste** | 2 156 | 216 | (216) |

(1) *Verteenwoordig hoofsaaklik privaatekwiteitbeleggings wat volgens 'n verdiensteveelvoud gewaardeer is, met gevoeligheid wat op die volle waardasie gegrond is.*

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

## 8. WAARDEDALING VAN KLANDISIEWAARDE, WAARDE VAN VERKREË BESIGHEID EN ANDER BATES

Die verhaalbare bedrae van klandisiewaarde, waarde van verkreë besigheid (nie-versekeringsverwant) en ander ontasbare bates vir die doel om waardedaling te toets, word bepaal op grond van die gebruikswaarde van die besighede. Toetsing ten opsigte van versekeringsverwante waarde van verkreë besigheid maak deel uit van die toereikendheidstoets vir versekeringslaste. Vir lewensbesighede word die verhaalbare bedrag bepaal as die intrinsieke waarde van lewensversekeringsbesighede plus 'n waarde van 'n veelvoud van nuwe lewensversekeringsbesigheid. Vir nie-lewensbesighede is die gebruikswaarde bepaal op die grondslag van verdiskonteerde kontantvloeiwaardasies. Dit word as die geskikte maatstaf van gebruikswaarde beskou.

### 8.1 San JV (voorheen bekend as Saham Finances Group)

'n Waardedalingsevaluering is op 30 Junie 2020 gedoen. Dit het die erkenning van waardedaling tot gevolg gehad. 'n Herevaluering is op 31 Desember 2021 gedoen.

Soos weerspieël in die onderstaande tabel, is die gebruikswaarde hoër as die drawaarde en gevolglik is geen verdere waardedaling nodig nie. Waardedaling wat gedurende die vorige jaar erken is, het R6 560 miljoen beloop en is verminder deur die aanwending van die verskansingsreserwe van R855 miljoen.

Aanwending van die verskansingsreserwe wat voorheen gekapitaliseer is, verteenwoordig 'n daling in die klandisiewaarde as gevolg van die verskansing wat by verkryging op Sanlam Beperk-vlak toegepas is.

| R miljoen | Nie-lewens | Lewens | Libanon | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| **31 Desember 2021** | | | | |
| Gebruikswaarde | 19 697 | 2 955 | – | 22 652 |
| Drawaarde | 17 918 | 2 472 | – | 20 390 |
| Oorskot bo drawaarde | 1 779 | 483 | – | 2 262 |
| Bruto waardeldaling voorheen gerapporteer | (4 327) | (502) | (1 731) | (6 560) |

### 8.2 Shriram Capital (Sanlam Opkomende Markte)

In plaaslike geld het die waardasie van die verhaalbare bedrag van Shriram Transport Finance Company (STFC) en Shriram Capital sedert Desember 2020 gestyg. Die verswakking van die rand teenoor die Indiese rupee het die waardasie met nog 6,8% verhoog.

Die Indiese ekonomie is steeds besig om van die impak van COVID-19 te herstel. Sanlam Opkomende Markte het 'n direkte belegging in STFC en indirekte beleggings in beide STFC en Shriram City Union Finance (SCUF), via Shriram Capital. Die ekonomiese herstel het bygedra tot die verbetering in beide uitkerings en invorderings vir STFC en SCUF. Dit het 'n sterk herstel in die genoteerde aandeelpryse vir albei besighede ondersteun. Die verskyning van die Omicron-variant laat in 2021 het die voortslepende hoë onsekerheidsvlakke beklemtoon. As gevolg hiervan bly die kort- tot mediumtermyn-vooruitsig vir STFC en SCUF gevoelig vir 'n verswakkende ekonomiese omgewing waarin sy kliëntebasis, wat tipies kleinsake-eienaars is, sake doen.

Die herstel sedert 31 Desember 2020 het die waardasie-aanname ten opsigte van die verhaalbare bedrag oortref. Dit het tot 'n terugskrywing van waardedaling gelei, wat R672 miljoen ten opsigte van Shriram Capital beloop.

| | 31 Desember 2021 | | 31 Desember 2020 | |
|---|---|---|---|---|
| R miljoen | STFC | Shriram Capital | STFC | Shriram Capital |
| Gebruikswaarde | 1 955 | 9 864 | 1 571 | 7 671 |
| Drawaarde | 1 962 | 8 899 | 1 702 | 8 343 |
| Bruto waardedaling | (7) | – | (131) | (672) |
| Terugskrywing van waardedaling | – | 672 | – | – |

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

## 9. VERVREEMDINGSGROEPE EN BATES GEKLASSIFISEER AS GEHOU VIR VERKOOP

Hieronder is 'n opsomming van nie-bedryfsbates en vervreemdingsgroepe gehou vir verkoop:

| R miljoen | Segment | Waardasie metodologie | Billike-waarde hiërargie | Nota | Nie-bedryfs-bates geklassifiseer as gehou vir verkoop | Nie-bedrys-laste geklassifiseer as gehou vir verkoop | Netto |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **31 Desember 2021** | | | | | | | |
| **Bates** | | | | | 582 | – | 582 |
| Beleggingseiendom | Sanlam Lewens en Spaar | Billikewaarde | Vlak 3 | 9.1 | 539 | – | 539 |
| | Sanlam Opkomende Markte | Billikewaarde | Vlak 3 | 9.1 | 43 | – | 43 |
| **Vervreemdingsgroepe** | | | | | 80 804 | (78 700) | 2 104 |
| Sanlam Life and Pensions UK | Sanlam Beleg-gingsgroep | Billikewaarde minus koste om te verkoop | Vlak 3 | 9.2.2 | 78 325 | (77 857) | 468 |
| Sanlam UK Wealth Management besighede | Sanlam Beleg-gingsgroep | Drabedrag | nvt | 9.2.3 | 1 690 | (277) | 1 413 |
| NSIA Participation (NSIA) | Sanlam Opkomende Markte | Drabedrag | nvt | 9.2.4 | 789 | (566) | 223 |
| Totaal | | | | | 81 386 | (78 700) | 2 686 |
| **31 Desember 2020** | | | | | | | |
| **Bates** | | | | | | | |
| Beleggingseiendom | Sanlam Opkomende Markte | Billikewaarde | Vlak 3 | 9.1 | 31 | – | 31 |
| **Vervreemdingsgroepe** | | | | | | | |
| Nucleus | Sanlam Beleg-gingsgroep | Drabedrag | nvt | 9.2.1 | 2 187 | (454) | 1 733 |
| Totaal | | | | | 2 218 | (454) | 1 764 |

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 9. VERVREEMDINGSGROEPE EN BATES GEKLASSIFISEER AS GEHOU VIR VERKOOP (VERVOLG)

## 9.1 Beleggingseiendomme

Die Sanlam Eiendomskomitee het gedurende 2021 die verkoop van 4 Suid-Afrikaanse eiendomme goedgekeur. Potensiële kopers is vir al 4 eiendomme geïdentifiseer en die koopprys is gelykstaande aan die waardasieprys wat deur 'n onafhanklike waardeerder bepaal is. Daar is 'n begin gemaak met die verkoops- en die koopooreenkomste. Die verkooptransaksie behoort gedurende 2022 afgehandel te word.

Die eiendomme van Sanlam Opkomende Markte hou verband met MCIS- en Kenia-eiendomme wat nog besig is om potensiële kopers te kry.

## 9.2 Vervreemdingsgroepe

### *9.2.1 Nucleus*

Die transaksie is afgehandel.

### *9.2.2 Sanlam Life and Pensions UK Limited*

Sanlam Life and Pensions (SLP) is op 30 Junie 2021 as 'n vervreemdingsgroep gehou vir verkoop herklassifiseer nadat Sanlam se Direksie besluit het om die belegging te verkoop. Soos aangekondig op 13 September 2021, is 'n ooreenkoms bereik oor die bepalings vir die verkoop van die uitgereikte aandelekapitaal van Sanlam Life and Pensions UK Limited (SLP) vir 'n koopsom van GBP39 miljoen aan Chesnara Plc. Opskortende voorwaardes vir die transaksie sluit regulatiewe goedkeuring in Suid-Afrika en die VK in. Sanlam Investments UK Ltd sal die batebestuur van SLP se bates behou. Nadat die opskortende voorwaardes nagekom is, word verwag dat die effektiewe transaksiedatum in die eerste kwartaal van 2022 sal wees.

Voor die herklassifikasie as 'n vervreemdingsgroep is 'n waardedalingstoets gedoen, wat gelei het tot die waardedaling van R356 miljoen in die historiese Klandisiewaarde wat op hierdie belegging erken is (by Ander waardedalings ingesluit in die Staat van Omvattende Inkomste).

Geen verdere aanpassings op 31 Desember 2021 ooreenkomstig IFRS 5 ten opsigte van daaropvolgende meting is nodig nie, aangesien die drawaarde na die waardedaling in klandisiewaarde laer is as die billike waarde minus koste om te verkoop, in ooreenstemming met IAS 36 – *Waardedaling van bates*. Die verwagte opbrengs is in ooreenstemming met die billike waarde minus koste om te verkoop.

Sanlam VK konsolideer ook IFRS 10-entiteite waar SLP meer as 20% van die fondse se eenhede besit. Wanneer SLP se transaksie van krag is en dus nie gekonsolideer is nie, sal die fondse nie meer deur Sanlam VK gekonsolideer word nie, aangesien hulle as eksterne fondse beskou sal word, hoewel Sanlam Investments UK Ltd die bestuursmaatskappy sal bly. Hierdie fondse word ook as gehou vir verkoop beskou en daarom is die bates en laste ook as onderskeidelik nie-bedryfsbates en -laste gehou vir verkoop herklassifiseer.

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 9. VERVREEMDINGSGROEPE EN BATES GEKLASSIFISEER AS GEHOU VIR VERKOOP (VERVOLG)

## 9.2 Vervreemdingsgroepe (vervolg)

### *9.2.2 Sanlam Life and Pensions UK (vervolg)*

Finansiële inligting met betrekking tot die vervreemdingsgroep vir die tydperk word hieronder uiteengesit:

*Bates en laste van vervreemdingsgroep geklassifiseer as gehou vir verkoop*

Die volgende bates en laste is op 31 Desember 2021 as gehou vir verkoop herklassifiseer met betrekking tot die vervreemdingsgroep (uitgesonderd IFRS 10-entiteite en tussenmaatskappy-debiteure van R276 miljoen en -krediteure van R17 miljoen by ander filiale in die groep):

| R miljoen | 2021 |
|---|---|
| **Bates van vervreemdingsgroep gehou vir verkoop** | |
| Toerusting | 1 |
| Langtermyn-herversekeringsbates | 24 |
| Beleggings | 64 650 |
| Beleggingseiendom | 1 736 |
| Aandele en soortgelyke sekuriteite | 2 188 |
| Rentedraende beleggings | 2 065 |
| Beleggingsfondse | 57 031 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite | 1 630 |
| Bedryfskapitaalbates | 513 |
| Handels- en ander debiteure | 125 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite | 388 |
| **Totale bates** | 65 188 |
| **Laste van vervreemdingsgroep gehou vir verkoop** | |
| Langtermyn-polisverpligtinge | 63 790 |
| Termynfinansiering | 75 |
| Uitgestelde belasting | 447 |
| Bedryfskapitaallaste | 408 |
| Handels- en ander krediteure | 270 |
| Voorsienings | 64 |
| Belasting | 74 |
| **Totale laste** | 64 720 |

Die volgende gekonsolideerde IFRS 10-entiteite se bates en laste is op 31 Desember 2021 as gehou vir verkoop herklassifiseer.

| R miljoen | 2021 |
|---|---|
| **Bates van vervreemdingsgroep gehou vir verkoop** | |
| Beleggings | 13 073 |
| Aandele en soortgelyke sekuriteite | 11 987 |
| Rentedraende beleggings | 16 666 |
| Beleggingsfondse (insluitend die eliminasie van SLP se belegging in gekonsolideerde IFRS 10 voertuie) | (16 465) |
| Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite | 885 |
| Bedryfskapitaalbates | |
| Handels- en ander debiteure | 64 |
| **Totale bates** | 13 137 |
| **Laste van vervreemdingsgroep gehou vir verkoop** | |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse | 13 085 |
| Bedryfskapitaallaste | |
| Handels- en ander krediteure | 52 |
| **Totale laste** | 13 137 |

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 9. VERVREEMDINGSGROEPE EN BATES GEKLASSIFISEER AS GEHOU VIR VERKOOP (VERVOLG)

## 9.2 Vervreemdingsgroepe (vervolg)

### *9.2.3 Sanlam UK Wealth Management-besighede*

Sanlam Private Investments en Sanlam Wealth Planning is op 31 Oktober 2021 as 'n vervreemdingsgroep gehou vir verkoop herklassifiseer nadat Sanlam se Direksie besluit het om die belegging te verkoop. Soos aangekondig op 20 September 2021, is 'n ooreenkoms met Oaktree Capital Management bereik oor die bepalings vir die verkoop van die uitgereikte aandelekapitaal van Sanlam Private Investments en Sanlam Wealth Planning Holdings vir 'n koopsom van GBP140 miljoen. Opskortende voorwaardes vir die transaksie sluit regulatiewe goedkeuring in Suid-Afrika en die VK in. Nadat die opskortende voorwaardes nagekom is, word verwag dat die effektiewe transaksiedatum in die eerste kwartaal van 2022 sal wees.

'n Waardedalingstoets is voor die herklassifikasie as 'n vervreemdingsgroep gedoen. Die verhaalbare bedrag (billike waarde minus koste om te verkoop of gebruikswaarde, wat ook al die hoogste is) is aansienlik hoër as die drawaarde en daarom is geen waardedaling aangeteken nie.

Finansiële inligting met betrekking tot die vervreemdingsgroep vir die tydperk word hieronder uiteengesit:

*Bates en laste van vervreemdingsgroep geklassifiseer as gehou vir verkoop*

Die volgende bates en laste is op 31 Desember 2021 met betrekking tot die vervreemdingsgroep as gehou vir verkoop herklassifiseer.

| R miljoen | 2021 |
|---|---|
| **Bates van vervreemdingsgroep gehou vir verkoop** | |
| Toerusting | 22 |
| Klandisiewaarde | 564 |
| Waarde van verkreë besigheid | 457 |
| Ander ontasbare bates | 8 |
| Uitgestelde belasting | 2 |
| Beleggings | 4 |
| Aandele en soortgelyke sekuriteite | 4 |
| Bedryfskapitaalbates | 633 |
| Handels- en ander debiteure | 337 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite | 296 |
| **Totale bates** | 1 690 |
| **Laste van vervreemdingsgroep gehou vir verkoop** | |
| Termynfinansiering | 10 |
| Uitgestelde belasting | 21 |
| Bedryfskapitaallaste | 246 |
| Handels- en ander krediteure | 217 |
| Voorsienings | 10 |
| Belasting | 19 |
| **Totale laste** | 277 |

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 9. VERVREEMDINGSGROEPE EN BATES GEKLASSIFISEER AS GEHOU VIR VERKOOP (VERVOLG)

## 9.2 Vervreemdingsgroepe (vervolg)

### *9.2.4 NSIA*

Sanlam het 'n aandelekoopooreenkoms (met 'n sperdatum van 31 Desember 2021, met 'n outomatiese verlenging tot 31 Maart 2022) aangegaan om al die aandele wat in Sanlam Guinee, Sanlam Congo, Sanlam Gabon Vie en Sanlam Togo Vie (filiale van San JV) besit word aan NSIA te verkoop en al die aandele te verkry wat NSIA in NSIA Vie Mali en NSIA Mali besit. Die kontrak word nie outomaties beëindig indien voorwaardes nie teen die sperdatum nagekom word nie. Die verkryging van die NSIA Mali (lewens- en nie-lewens) aandele en die verkryging van die Sanlam-filiale deur NSIA sal gelyktydig afgehandel word. Die bates en laste van die Sanlam-filiale is op 31 Desember 2021 as 'n vervreemdingsgroep gehou vir verkoop herklassifiseer.

Opskortende voorwaardes vir die transaksie sluit regulatiewe goedkeuring deur die Ekonomiese en Monetêre Gemeenskap van Sentraal-Afrika (CEMAC) en goedkeuring deur die Suid-Afrikaanse Omsigtigheidsowerheid in om die vervreemding af te handel, wat na verwagting voor einde Maart 2022 sal gebeur.

*Bates en laste van vervreemdingsgroep geklassifiseer as gehou vir verkoop*

Die volgende bates en laste is op 31 Desember 2021 met betrekking tot die vervreemdingsgroep as gehou vir verkoop herklassifiseer.

| R miljoen | 2021 |
|---|---|
| **Bates van vervreemdingsgroep gehou vir verkoop** | |
| Toerusting | 7 |
| Reg van gebruiksbate | 2 |
| Ander ontasbare bates | 3 |
| Beleggings | 170 |
| Aandele en soortgelyke sekuriteite | 34 |
| Rentedraende beleggings | 65 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite | 71 |
| Uitgestelde belasting | 23 |
| Tegniese algemeneversekeringsbates | 9 |
| Bedryfskapitaalbates | 575 |
| Handels- en ander debiteure | 262 |
| Belasting | 1 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite | 312 |
| **Totale bates** | 789 |
| **Laste van vervreemdingsgroep gehou vir verkoop** | |
| Langtermyn-polisverpligtinge | 102 |
| Huurverpligtinge | 2 |
| Uitgestelde belasting | 1 |
| Tegniese algemeneversekeringsvoorsiening | 166 |
| Bedryfskapitaallaste | 295 |
| Handels- en ander krediteure | 280 |
| Belasting | 15 |
| **Totale laste** | 566 |

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

## 10. HERSTATERINGS

### 10.1 Hiperinflasie rekeningkundige fout

Libanon is gedurende die tweede helfte van 2020 ingesluit by die lys van lande wat vir rekeningkundige doeleindes as hiperinflasionêre ekonomieë beskou word. Met die aanvanklike toepassing in 2020 is die beginsaldo's van monetêre bates en laste herstateer deur die verbruikersprysindeks (VPI)-differensiaal tussen 1 Januarie 2020 en die verslagdatum (31 Desember 2020) toe te pas. Die 2020-beginsaldo's van nie-monetêre bates is herstateer deur die VPI-differensiaal tussen die datums waarop hierdie items verkry of aangegaan is en die verslagdatum toe te pas. Die Groep het besluit om die impak in die Valuta-omrekeningsreserwe (VOR) te erken. Die vergelykende bedrae (2019) in die 2020 Groep Finansiële Jaarstate is nie herstateer nie, maar die aanvanklike impak van negatiewe R1 234 miljoen toeskryfbaar aan die aandeelhouers is in die 2020 Finansiële Jaarstate in die hiperinflasielyn van die Staat van Veranderings in Ekwiteit (SvVE) erken.

Met inagneming van al die kompleksiteite wat by die konsolidasie van LIA in 'n hiperinflasionêre omgewing betrokke is – waaronder die erkenning van addisionele verwagte kredietverliese ten opsigte van finansiële bates (volgens die Groep se beleid) en waardedalings in die klandisiewaarde en waarde van verkreë besigheid – is die monetêre bates waarop die beginsaldo-herstatering op 1 Januarie 2020 gegrond is, te laag aangegee. As gevolg hiervan moes die aanvanklike toepassing van die IAS 29-beginsaldo-aanpassing van negatiewe R1 234 miljoen wat in die 2020 SvVE aangeteken is, positiewe R911 miljoen toeskryfbaar aan die aandeelhouers gewees het. Dit het gelei tot 'n styging van R2 145 miljoen in VOR en 'n ooreenstemmende daling in teruggehoue verdienste, met geen effek op netto batewaarde nie. Wins vir die jaar geëindig 31 Desember 2020 het ook afgeneem van R3 634 miljoen tot R1 402 miljoen, met 'n gevolglike impak op verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers per aandeel en wesensverdienste per aandeel (WVPA) soos hieronder weerspieël.

Die fout het geen effek op Netto Batewaarde, Groepekwiteitswaarde of enige van die Groep se sleutelprestasie-aanwysers gehad nie.

#### Staat van Finansiële Posisie

| | Op 31 Desember 2020 | | |
|---|---|---|---|
| R miljoen | Soos voorheen gerapporteer | Aanpassings | Herstateer |
| Kapitaal en reserwes | | | |
| Aandelekapitaal en premie | 12 784 | – | 12 784 |
| Tesourie-aandele | (1 633) | – | (1 633) |
| Ander reserwes | 2 238 | 2 145 | 4 383 |
| Behoue verdienste | 51 323 | (2 145) | 49 178 |
| **Aandeelhouersfonds** | 64 712 | – | 64 712 |
| Nie-beherende belang | 12 512 | – | 12 512 |
| **Totale ekwiteit** | 77 224 | – | 77 224 |

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 10. HERSTATERINGS (VERVOLG)

## 10.1 Hiperinflasie rekeningkundige fout (vervolg)

### Staat van Omvattende Inkomste

| R miljoen | Vir die jaar geëindig 31 Desember 2020 Soos voorheen gerapporteer | Aanpassings | Herstateer |
|---|---|---|---|
| **Netto bedryfsresultaat** | 4 171 | – | 4 171 |
| Ekwiteitsverantwoorde verdienste | 2 568 | – | 2 568 |
| Finansieringskoste – ander | (835) | – | (835) |
| Netto monetêre wins/(verlies) (Libanon-hiperinflasie) | 1 535 | (2 232) | (697) |
| **Wins voor belasting** | 7 439 | (2 232) | 5 207 |
| Belasting | (3 805) | – | (3 805) |
| **Wins vir die periode** | 3 634 | (2 232) | 1 402 |
| Ander omvattende inkomste (ná belasting): sal in daaropvolgende tydperke deur wins of verlies hersirkuleer word | | | |
| Bewegings in valuta-omsettingsreserwe | 3 143 | – | 3 143 |
| **Omvattende inkomste vir die jaar** | 6 777 | (2 232) | 4 545 |
| **Toedeling van omvattende inkomste:** | | | |
| Wins vir die jaar | 3 634 | (2 232) | 1 402 |
| Aandeelhouersfonds | 2 863 | (2 145) | 718 |
| Nie-beherende belang | 771 | (87) | 684 |
| Omvattende inkomste vir die jaar | 6 777 | (2 232) | 4 545 |
| Aandeelhouersfonds | 5 676 | (2 145) | 3 531 |
| Nie-beherende belang | 1 101 | (87) | 1 014 |
| **Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers (sent):** | | | |
| Wins vir die jaar: | | | |
| Basiese verdienste per aandeel | 138,8 | (104,0) | 34,8 |
| Verwaterde verdienste per aandeel | 137,1 | (102,7) | 34,4 |

### Inkomstestaat van die Aandeelhouersfonds

| R miljoen | Vir die jaar geëindig 31 Desember 2020 Soos voorheen gerapporteer | Aanpassings | Herstateer |
|---|---|---|---|
| **Genormaliseerde toeskryfbare verdienste** | (694) | – | (694) |
| Fondsoordragte | 3 557 | (2 145) | 1 412 |
| **Toeskryfbare verdienste per Groep Staat van Omvattende Inkomste** | 2 863 | (2 145) | 718 |
| **Wesensverdienste** | 9 249 | (2 145) | 7 104 |
| **Wesensverdienste per aandeel** | | | |
| Basiese wesensverdienste per aandeel | *448,5* | *(104,0)* | *344,5* |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel | *443,0* | *(102,7)* | *340,3* |

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 10. HERSTATERINGS (VERVOLG)

## 10.1 Hiperinflasie rekeningkundige fout (vervolg)

### Staat van Veranderinge in Ekwiteit

| | Soos voorheen gerapporteer | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| R miljoen | Valuta omset tings reserwe | Behoue verdienste | Aandeel houers-fonds | Nie-beherende belang | Totale ekwi-teit |
| **Saldo op 31 Desember 2019** | (2 642) | 59 851 | 67 317 | 12 043 | 79 360 |
| Libanon-hiperinflasie | (1 234) | – | (1 234) | – | (1 234) |
| Omvattende inkomste | 2 813 | 2 863 | 5 676 | 1 101 | 6 777 |
| Wins vir die jaar | – | 2 863 | 2 863 | 771 | 3 634 |
| Ander omvattende inkomste | 2 813 | – | 2 813 | 330 | 3 143 |
| Saamgevoegde ander onaangeraakte bewegings in die Staat van veranderinge in ekwiteit | 12 | (11 391) | (7 047) | (632) | (7 679) |
| **Saldo op 31 Desember 2020** | (1 051) | 51 323 | 64 712 | 12 512 | 77 224 |

| | Aanpassings | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| R miljoen | Valuta omset tings reserwe | Behoue verdienste | Aandeel houers-fonds | Nie-beherende belang | Totale ekwi-teit |
| **Saldo op 31 Desember 2019** | – | – | – | – | – |
| Libanon-hiperinflasie | 2 145 | | 2 145 | 87 | 2 232 |
| Omvattende inkomste – wins vir die jaar | – | (2 145) | (2 145) | (87) | (2 232) |
| **Saldo op 31 Desember 2020** | 2 145 | (2 145) | – | – | – |

| | Herstateer | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| R miljoen | Valuta omset tings reserwe | Behoue verdienste | Aandeel houers-fonds | Nie-beherende belang | Totale ekwi-teit |
| **Saldo op 31 Desember 2019** | (2 642) | 59 851 | 67 317 | 12 043 | 79 360 |
| Libanon-hiperinflasie | 911 | – | 911 | 87 | 998 |
| Omvattende inkomste | 2 813 | 718 | 3 531 | 1 014 | 4 545 |
| Wins vir die jaar | – | 718 | 718 | 684 | 1 402 |
| Ander omvattende inkomste | 2 813 | – | 2 813 | 330 | 3 143 |
| Saamgevoegde ander onaangeraakte bewegings in die staat van veranderinge in ekwiteit | 12 | (11 391) | (7 047) | (632) | (7 679) |
| **Saldo op 31 Desember 2020** | 1 094 | 49 178 | 64 712 | 12 512 | 77 224 |

Aantekeninge tot die Groep finansiële state vervolg

# 10. HERSTATERINGS (VERVOLG)

## 10.2 IAS 21-omrekeningsfout van IFRS 10-gekonsolideerde entiteit

Die Sanlam Four Global Equity Fund is gedurende 2019 hernoem tot Sanlam Sustainable Global Dividend Fund. Die fonds se basisgeldeenheid het ook van Britse pond sterling (GBP) na Amerikaanse dollar (USD) verander.

2020 Staat van Finansiële Posisie-saldo's (SvFP) is egter in die ZAR-ekwivalent teen GBP- in plaas van USD-wisselkoerse omgereken. Dit het daartoe gelei dat bates en laste in die SvFP te hoog aangegee is. Dit het nie 'n wesenlike effek op die lynitems in die Staat van Omvattende Inkomste (SvOI) gehad nie, en geen effek op die Staat van Veranderings in Ekwiteit en die Staat van Kontantvloei nie.

Die impak op die SvFP is soos volg:

| | 31 Desember 2020 | | |
|---|---|---|---|
| R miljoen | Soos voorheen gerapporteer | Aanpassings | Herstateer |
| **BATES** | | | |
| Beleggings | | | |
| Aandele en soortgelyke sekuriteite | 186 990 | (1 126) | 185 864 |
| Ander bates | 756 806 | – | 756 806 |
| **Totale bates** | 943 796 | (1 126) | 942 670 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| Totale ekwiteit | 77 224 | – | 77 224 |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse | 83 714 | (1 126) | 82 588 |
| Ander laste | 782 858 | – | 782 858 |
| **Totale ekwiteit en laste** | 943 796 | (1 126) | 942 670 |

## 10.3 Groep Staat van Kontantvloei: Uitkerings van beleggingsfondse

Beleggers in beleggingsfonds het die keuse om uitkerings ontvang van kollektiewe beleggingskemas weer in die fonds te belê of in kontant te ontvang. Voorheen is hierdie uitkerings vir albei scenario's in die Groep Staat van Kontantvloei as kontant ontvang hanteer, met 'n gelyke en teenoorgestelde inskrywing in netto beweging van beleggingsbates (aangedui in kontant aangewend in bedrywighede vir Sanlam). Dit was in ooreenstemming met die bedryf se hantering daarvan. Gedurende 2021 is die hantering van uitkerings wat herbelê word hersien deur die rekeningkunde bedryf, wat tot die slotsom gekom dat dit as 'n nie-kontantvloei-item beskou moet word. Die herstatering het nie 'n invloed op die algehele Groepkontantvloei uit bedryfsaktiwiteite soos hieronder weerspieël word nie.

Die impak op die Groep Staat van Kontantvloei is soos volg:

| | 31 Desember 2020 | | |
|---|---|---|---|
| R miljoen | Soos voorheen gerapporteer | Aanpassings | Herstateer |
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | (6 082) | – | (6 082) |
| Kontant aangewend in bedrywighede | (22 868) | 4 693 | (18 175) |
| Rente en voorkeuraandeel-dividende ontvang | 18 542 | (3 007) | 15 535 |
| Rente betaal | (1 004) | – | (1 004) |
| Dividende ontvang | 12 358 | (1 686) | 10 672 |
| Dividende betaal | (8 454) | – | (8 454) |
| Belasting betaal | (4 656) | – | (4 656) |

Bogenoemde herstaterings het geen effek op die Staat van Finansiële Posisie, Staat van Omvattende Inkomste of die Staat van Veranderings in Ekwiteit gehad nie.

# Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering

## SANLAM BEPERK

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)

(Registrasienommer 1959/001562/06) JSE-aandelekode: SLM/NSX-aandelekode: SLA ISIN: ZAE000070660 (die Maatskappy of Sanlam)

Kennis geskied hiermee aan aandeelhouers wat op Vrydag, 18 Maart 2022 in die Maatskappy se aandeleregister aangeteken is, dat die 24ste algemene jaarvergadering (AJV) van die aandeelhouers van Sanlam op Woensdag 8 Junie 2022 om 14:00* uitsluitlik via elektroniese kommunikasie gehou sal word (die vergadering) om: (i) sodanige sake te bespreek soos wat wettiglik by die vergadering bespreek mag word, en (ii) die gewone en spesiale besluite wat hierin uiteengesit word, te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging te aanvaar op die wyse soos bepaal deur die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig (die Maatskappywet), saamgelees met die Noteringsvereistes van die JSE Beperk (JSE-noteringsvereistes) en ander aandelebeurse waarop die Maatskappy se gewone aandele genoteer is. Aandeelhouers wat op die stemregistrasiedatum, Vrydag 3 Junie 2022, in die Maatskappy se aandeleregister aangeteken is, mag deelneem by die vergadering waartydens hulle mag stem.

Let asseblief daarop dat deelnemers aan die vergadering (gevolmagtigdes ingesluit) toegelaat sal word om elektronies (aanlyn) aan die vergadering deel te neem. Deelnemers aan die vergadering (gevolmagtigdes ingesluit) sal egter redelikerwys bevredigende identifikasie moet kan verskaf voordat hulle geregtig is om aan die vergadering deel te neem. Vorms van identifikasie sluit geldige identiteitsdokumente, bestuurslisensies en paspoorte in.

Stemgeregtigdes sal hul stemme kan werp na die Voorsitter die aanlyn platform vir stemming geopen het.

* *Die vergadering begin stiptelik om 14:00. As gevolg van die elektroniese stemstelsel, sal geen laat registrasies op die dag toegelaat word nie.*

## GEWONE BESLUITE

Om die volgende 13 gewone besluite te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging aan te neem:

**Persentasie steun wat vereis word vir gewone besluite nommers 1 tot 13.**

Vir die aanneem van hierdie gewone besluite, word die steun van meer as 50% (vyftig persent) van die totale getal stemme wat die aandeelhouers teenwoordig of by volmag verteenwoordig by hierdie vergadering mag uitbring, vir elke gewone besluit vereis, behalwe gewone besluit nommer 12, waar die steun van minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die totale getal stemme vereis word.

### 1. Gewone besluit nommer 1 – Voorlegging van Sanlam se jaarlikse verslagdoening

Om Sanlam se jaarlikse verslagdoening (wat die Geïntegreerde Verslag, Korporatiewe Bestuursverslag, Vergoedingsverslag en Finansiële Jaarstate insluit) vir die jaar geëindig 31 Desember 2021, wat soos vereis aan aandeelhouers versprei is, insluitend die gekonsolideerde nagesiene finansiële state van die Maatskappy en sy filiale, asook die gesamentlike ouditeure, die Oudit-, Aktuariële en Finansiële-komitee (Ouditkomitee) en die direkteure se verslae voor te lê, te oorweeg en te aanvaar. Sanlam se jaarlikse verslagdoening vir 2021 is aanlyn beskikbaar by www.sanlam.com.

#### Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van gewone besluit nommer 1 is om Sanlam-aandeelhouers die geleentheid te gee om Sanlam se jaarlikse verslagdoening, insluitend die gekonsolideerde nagesiene finansiële state van die Maatskappy, soos vereis deur artikel 30(3)(d) van die Maatskappywet formeel te oorweeg en te aanvaar.

Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

## 2. Gewone besluit nommer 2 – Heraanstelling van gesamentlike ouditeure vir die 2022 finansiële jaar

Om Ernst & Young Geïnk., soos genomineer deur die Maatskappy se Ouditkomitee, weer as onafhanklike gesamentlike ouditeure van die Maatskappy aan te stel om die amp te beklee tot ná afloop van die volgende AJV van die Maatskappy. Neem asseblief kennis dat Mnr C du Toit die individuele en aangewese gesamentlike ouditeur is, wat die Maatskappy se gesamentlike oudit vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2022 sal onderneem.

### Rede en gevolg

Die rede vir gewone besluit nommer 2 is dat die Maatskappy se ouditeure, ingevolge die Maatskappywet en die JSE-noteringsvereistes, elke jaar by die AJV van die Maatskappy aangestel of heraangestel moet word. Om algemene bestuurstoesig oor die Maatskappy te versterk en om ooreenstemming met die vereistes van die Omsigtigheidsowerheid te verseker, het die Ouditkomitee aan Sanlam se Direksie (die Direksie) aanbeveel dat die onafhanklike gesamentlike ouditeure weer vir Sanlam aangestel word. Ingevolge paragraaf 3.86 van die JSE-noteringsvereistes het die Ouditkomitee ook die volgende oorweeg en hulle daarvan vergewis dat:

- Ernst & Young Geïnk., die onafhanklike gesamentlike ouditeure, as sodanig op die JSE se Lys van Ouditeure en Rekeningkundige Spesialiste geakkrediteer is; en
- bogenoemde individu en aangewese gesamentlike ouditeur aan die toepaslike vereistes soos bepaal in afdeling 22 van die JSE-noteringsvereistes voldoen, en nie op die JSE se lys van gediskwalifiseerde individuele ouditeure verskyn nie.

## 3. Gewone besluit nommer 3 – Heraanstelling van gesamentlike ouditeure vir die 2022 finansiële jaar

Om KPMG Geïnk., soos genomineer deur die Maatskappy se Ouditkomitee, weer as onafhanklike gesamentlike ouditeure van die Maatskappy aan te stel om die amp te beklee tot ná afloop van die volgende AJV van die Maatskappy. Neem asseblief kennis dat Mnr P Fourie die individuele en aangewese gesamentlike ouditeur is wat die Maatskappy se gesamentlike oudit vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2022 sal onderneem.

### Rede en gevolg

Die rede vir gewone besluit nommer 3 is dat die Maatskappy se ouditeure, ingevolge die Maatskappywet en die JSE-noteringsvereistes, elke jaar by die AJV van die Maatskappy aangestel of heraangestel moet word. Om algemene bestuurstoesig oor die Maatskappy te versterk en om ooreenstemming met die verwagte vereistes van die Omsigtigheidsowerheid te verseker, het die Ouditkomitee aan Sanlam se Direksie (die Direksie) aanbeveel dat die onafhanklike gesamentlike ouditeure weer vir Sanlam aangestel word. Ingevolge paragraaf 3.86 van die JSE-noteringsvereistes het die Ouditkomitee ook die volgende oorweeg en hulle daarvan vergewis dat:

- KPMG Geïnk., die onafhanklike gesamentlike ouditeure, as sodanig op die JSE se Lys van Ouditeure en Rekeningkundige Spesialiste geakkrediteer is; en
- bogenoemde individu en aangewese ouditeur aan die toepaslike vereistes soos bepaal in afdeling 22 van die JSE-noteringsvereistes voldoen, en nie op die JSE se lys van gediskwalifiseerde individuele ouditeure verskyn nie.

Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

## 4. Gewone besluit nommer 4 – Aanstelling van gesamentlike ouditeure vir die 2023 finansiële jaar

Om PricewaterhouseCoopers Geïnk. (PwC), soos genomineer deur die Maatskappy se Ouditkomitee, met die ingang van die 2023 finansiële jaar as onafhanklike gesamentlike ouditeure aan te stel. Neem asseblief kennis dat Me Alsue du Preez die individuele en aangewese gesamentlike ouditeur is wat die Maatskappy se gesamentlike oudit vir die jaar geëindig 31 Desember 2023 sal onderneem.

### Rede en gevolg

Die rede vir gewone besluit nommer 4 is dat die Maatskappy se ouditeure, ingevolge die Maatskappywet en die JSE-noteringsvereistes, elke jaar by die AJV van die Maatskappy aangestel of heraangestel moet word. Volgens die regulasies vir verpligte rotasie van ouditfirmas, moet Ernst & Young Geïnk. as die Maatskappy se ouditeure uittree, nie later as die Groep se 2024 finansiële jaar. Volgens voorgeskrewe prosedure en na deeglike oorweging beveel die Ouditkomitee by aandeelhouers aan dat PwC aangestel word om Ernst & Young met ingang van die Groep se 2023 finansiële jaar te vervang. Met die oog hierop, beveel die Ouditkomitee aan dat goedkeuring deur aandeelhouers betyds verkry word sodat PwC met die oorgangsproses vir die Maatskappy se gesamentlike oudit vir die jaar geëindig 31 Desember 2023 kan begin.

Ingevolge paragraaf 3.86 van die JSE-noteringsvereistes het die Ouditkomitee ook die volgende oorweeg en hulle daarvan vergewis dat:

- PwC, die onafhanklike gesamentlike ouditeure, as sodanig op die JSE se Lys van Ouditeure en Rekeningkundige Spesialiste geakkrediteer is;
- bogenoemde individu en aangewese gesamentlike ouditeur aan die toepaslike vereistes soos bepaal in afdeling 22 van die JSE-noteringsvereistes voldoen, en nie op die JSE se lys van gediskwalifiseerde individuele ouditeure verskyn nie; en
- die aanstelling van PwC en die aangewese gesamentlike ouditeur deur die Omsigtigheidsowerheid goedgekeur is.

## 5. Gewone besluit nommer 5 – Aanstelling van direkteure

Om die volgende direkteure (gewone besluit nommers 5.1 tot 5.3) wat ingevolge klousule 26 van die Maatskappy se Akte van Oprigting as bykomende direkteure op die Direksie aangestel sal word, en wat verkiesbaar is en hulself verkiesbaar stel, te kies.

### Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van gewone besluite nommers 5.1 tot 5.3 is om die direkteure wat ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting as bykomende direkteure in die Direksie aangestel is, te kies.

### *5.1 Gewone besluit nommer 5.1 – Verkiesing van Ebenezer (Ebby) Essoka as ’n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur*

Om Ebenezer Essoka, wat ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting as ’n bykomende direkteur gekies word, en wat verkiesbaar is en homself verkiesbaar stel, te kies.

*Naam:* Ebenezer (Ebby) Essoka (66)
*Aanstelling:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2021
*Kwalifikasies:* BSc, MBA (Finansies), Diploma in Internasionale Besigheid (Universiteit van Seton Hall, South Orange, New Jersey, VSA), EDP (INSEAD, Londense Bestuurskool, Templeton Kollege, Universiteit van Oxford en Universiteit van Cambridge)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:*
Lid van die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Maatskaplike, Etiek- en Volhoubaarheid-komitee, die Sanlam Kliënte-belange-komitee en die Nie-uitvoerende

Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

Direkteure-komitee

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies*:
Onafhanklike nie-uitvoerende voorsitter van IBURU; Cogebanque, Ruwanda en die Verenigde Bank vir Afrika Kameroen SA; onafhanklike nie-uitvoerende lid van die Oudit-, Risiko- en Nakoming-komitee van Mobile Money Corporation Cameroon en senior adviseur vir die president van die Afrika Ontwikkelingsbank

*Kundigheidsgebiede:*
Finansiële markte/beleggings, algemene besigheid, oudit, risiko, internasionale besigheid, bemarking, volhoubaarheid en bemagtiging

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aan.

## *5.2 Gewone besluit nommer 5.2 – Verkiesing van Willem van Biljon as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur*

Om Willem van Biljon, wat ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting as 'n bykomende direkteur gekies word, en wat verkiesbaar is en homself verkiesbaar stel, te kies.

*Naam:* Willem van Biljon (60)
*Aanstelling:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2021
*Kwalifikasies:* BSc(Hons) in Rekenaarwetenskap (Universiteit van Kaapstad)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:*
Die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Risiko- en Nakoming-komitee, die Sanlam Kliëntebelange-komitee en die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:*
Entersekt (Edms) Bpk; BrandsEye Beperk (dryf handel as DataEQ met effek vanaf 18 Februarie 2022); TallOrder (Edms) Bpk; en Clickatell Inc.

*Kundigheidsgebiede:*
Finansiële markte/beleggings, algemene versekering, bemarking, risikobestuur, inligtingstegnologie en volhoubaarheid

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aan.

## *5.3 Gewone besluit nommer 5.3 – Verkiesing van Ndivhuwo Manyonga as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur*

Om Ndivhuwo Manyonga, wat ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting as 'n bykomende direkteur gekies word, en wat verkiesbaar is en haarself verkiesbaar stel, te kies.

*Naam:* Ndivhuwo Manyonga (40)
*Aanstelling:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2021
*Kwalifikasies:* BSc (Universiteit van Kaapstad), Diploma in Aktuariële Tegnieke (FIA & IA), Nagraadse Diploma in Aktuariële Tegnieke (Universiteit van Kaapstad), Bevoegdheidsertifikaat in Ondernemingsrisikobestuur (Alexander Forbes Risikodienste), Direksie leierskap sertifikasie (GIBS), Genoot van die Instituut van Aktuarisse (FIA)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:*
Die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee en die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:*
Federated Employers Mutual Assurance Company (RF) (Edms) Bpk (FEM); FEM Education Foundation, FEM Trust, FEM Construction Industry Loan Fund, die Adviesraad van die Vergoedingsfonds

*Kundigheidsgebiede:*
Rekeningkunde, finansiële markte/beleggings, aktuarieel, algemene besigheid, internasionaal, menslike hulpbronne, bemarking, volhoubaarheid en bemagtiging

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aan.

## 6. Gewone besluit nommer 6 – Herkiesing van nie-uitvoerende direkteure

Om individueel die volgende nie-uitvoerende direkteure (gewone besluite nommers 6.1 tot 6.2) van die Maatskappy, wat ingevolge Klousule 26.2 van die Maatskappy se Akte van Oprigting beurtelings uittree, en wat verkiesbaar is en hulself weer verkiesbaar stel, te herkies.

### Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van gewone besluite nommers 6.1 tot 6.2 is om die volgende nie-uitvoerende direkteure wat ingevolge die Akte van Oprigting van die Maatskappy beurtelings uittree, te herkies.

- Patrice Motsepe
- Shirley Zinn

### *6.1 Gewone besluit nommer 6.1 – Herkiesing van Patrice Motsepe as 'n nie-uitvoerende direkteur*

Om Patrice Motsepe, wat ingevolge die Akte van Oprigting van die Maatskappy beurtelings uittree, en wat verkiesbaar is en homself weer verkiesbaar stel, te herkies.

*Naam:* Patrice Motsepe (60)
*Aanstelling:* Nie-uitvoerende direkteur sedert 2004
*Kwalifikasies:* BA Regte (Universiteit van Eswatini, voorheen Universiteit van Swaziland), LLB (Universiteit van die Witwatersrand), Doktorsgraad in Handel (Honoris Causa) (Universiteit van die Witwatersrand), Doktorsgraad in Handel (Honoris Causa) (Universiteit van Stellenbosch), Doktorsgraad in Bestuur en Handel (Honoris Causa) (Universiteit van Fort Hare) en Doktorsgraad in Regte (Honoris Causa) (Universiteit van Eswatini)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:*
Ondervoorsitter, lid van die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Nominasiekomitee en die Menslike Hulpbronne- en Vergoeding-komitee

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:*
Stigter en uitvoerende voorsitter van African Rainbow Minerals (ARM), asook die stigter en voorsitter van Ubuntu-Botho Investments, African Rainbow Capital, African Rainbow Energy and Power, en UBI General Partner (Edms) Bpk; voorsitter van Harmony Gold; en president van Mamelodi Sundowns Sokkerklub

*Kundigheidsgebiede:*
Finansiële markte/beleggings, algemene besigheid, internasionaal, menslike hulpbronne, risikobestuur, regte, volhoubaarheid en bemagtiging.

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie nie-uitvoerende direkteur aan.

### *6.2 Gewone besluit nommer 6.2 – Herkiesing van Shirley Zinn as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur*

Om Shirley Zinn, wat ingevolge die Akte van Oprigting van die Maatskappy beurtelings uittree, en wat verkiesbaar is en haarself weer verkiesbaar stel, te herkies.

*Naam:* Shirley Zinn (60)
*Aanstelling:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2018
*Kwalifikasies:* BA (Universiteit van die Wes-Kaap), Nagraadse Hoër Diploma in Onderwys (Universiteit van die Wes-Kaap), BEdHons (Unisa), MEd (Universiteit van die Wes-Kaap), EdM (Harvard), Doktorsgraad in Onderwys (Harvard)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:*
Die Menslike Hulpbronne- en Vergoeding-komitee (voorsitter), die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee en die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:*
Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur in die direksies van The LRMG (Edms) Bpk, MTN SA, NPI, Business Engage, WWF Suid-Afrika Empowerment Capital Investment Partners, Tuesday Consulting en die Spur-groep; uitvoerende direkteur van Boston Consulting Group; voorsitter van Nedbank Eyethu Community Trust; en onafhanklike voorsitter van die V&A Waterfront

*Kundigheidsgebiede:*
Finansiële markte/beleggings, algemene besigheid, internasionaal, menslike hulpbronne, risikobestuur, volhoubaarheid en bemagtiging

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aan.

## 7. Gewone besluit nommer 7 – Herkiesing van uitvoerende direkteure

Om die volgende uitvoerende direkteur (gewone besluit nommer 7.1 hieronder) wat op die Direksie aangestel is en wat herkiesbaar is en haarself weer verkiesbaar stel, te herkies.

### Rede en gevolg

Die Direksie het ooreengekom dat, in belang van goeie korporatiewe bestuur, uitvoerende direkteure ook beurtelings vrywillig sal uittree volgens 'n voorafbepaalde rotasierooster.

### *7.1 Gewone besluit nommer 7.1 – Herkiesing van Abigail Mukhuba as 'n uitvoerende direkteur*

Die rede vir en gevolg van gewone besluit nommer 7.1 is om die uitvoerende direkteur wat op die Direksie aangestel is, te herkies.

*Naam:* Abigail Mukhuba (42)
*Aanstelling:* Uitvoerende direkteur sedert 2020
*Kwalifikasies:* MBA (Universiteit van Kaapstad), MCom (RSA en Internasionale Belasting) (RAU), BComHons (RAU), BCompt (UNISA)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:*
Lid van die Risiko- en Nakoming-komitee, lid van die Groep Uitvoerende komitee en Finansiële Direkteur op die Direksies van Sanlam Lewensversekering Beperk en Sanlam Beperk

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:*
Direksielid van Santam, Sanlam Opkomende Markte, Sanlam Beleggingsbeheermaatskappy, Sanlam Kapitaalmarkte en Genbel Securities

*Kundigheidsgebiede:*
Algemene bestuur, Suid-Afrikaanse en internasionale belasting, finansiële markte, rekeningkunde en finansiële verslagdoening

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie uitvoerende direkteur aan.

## 8. Gewone besluit nommer 8 – Verkiesing van die lede van die Sanlam Ouditkomitee

Om individueel die volgende onafhanklike nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy (gewone besluite nommers 8.1 tot 8.5) as lede van die Sanlam Ouditkomitee te kies tot na afloop van die Maatskappy se volgende AJV.

### Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van gewone besluite nommers 8.1 tot 8.5 is dat die lede van die Ouditkomitee van die Maatskappy, 'n statutêre komitee, ingevolge artikel 94(2) van die Maatskappywet deur die aandeelhouers aangestel moet word.

## Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

### *8.1 Gewone besluit nommer 8.1 – Aanstelling van Andrew Birrell as 'n lid van die Ouditkomitee*

*Naam:* Andrew Birrell (52)
*Aanstelling:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2019
*Kwalifikasies:* BbusSc(Hons) (Aktuarieel) (1990) (Universiteit van Kaapstad), Genoot van die Fakulteit van Aktuarisse (1994), Genoot van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika (FASSA), Geoktrooieerde Aktuaris vir Ondernemingsrisiko (CERA Global Association, 2009) en lid van die Instituut van Direkteure (VK, 2015)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:*
Die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Ouditkomitee, die Risiko- en Nakoming-komitee (voorsitter), die Sanlam Kliëntebelange-komitee en die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:*
Nie-uitvoerende direkteur van Sun Life of Canada (VK), Esure Group Plc en filiale, ELG Holding (Cayman) Beperk, Sanlam Ontwikkelende Markte en komitees, uitvoerende direkteur van Universal Partners (Mauritius), ARGO Fund Managers (Mauritius), en as gevolg van sy rol by Universal Partners dien hy ook as 'n nie-uitvoerende direkteur van JSA Group (VK) en as 'n alternatiewe direkteur van SC Lowy Partners.

*Kundigheidsgebiede:*
Finansiële verslagdoening, beleggingsbestuur, oudit- en risikobestuur, rekeningkunde, aktuarieel, lewensversekering, algemene versekering, gesondheidsversekering, aandelemakelary, batebestuur en kleinhandel-aanlynbanksake

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aan om op die Ouditkomitee te dien.

### *8.2 Gewone besluit nommer 8.2 – Aanstelling van Nicolaas Kruger as 'n lid van Ouditkomitee*

*Naam:* Nicolaas Kruger (54)
*Aanstelling:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2020
*Kwalifikasies:* BCom (Wiskunde) (Cum Laude) (Universiteit Stellenbosch, 1988); Genoot van die Fakulteit van Aktuarisse (1992) en Genoot van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika (1992); Gevorderde Bestuursprogram (Universiteit van Oxford, 2001) en 'n Geoktrooieerde Direkteur (GD(SA))

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:*
Die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Ouditkomitee, die Risiko- en Nakoming-komitee, die Sanlam Kliëntebelange-komitee en die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:*
General Reinsurance Africa (Gen Re), Granor Passi, 17 Capital, voorsitter van Griekwaland-Wes Korporatief (GWK) en voorsitter van Brenn O-Kem

*Kundigheidsgebiede:*
Algemene bestuur, finansieel, aktuarieel, internasionale markte en beleggings, lewensversekering, risiko-bestuur, gesondheidsversekering, algemene versekering, aftreefondsversekering, bestuurstoesig en volhoubaarheid

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aan om op die Ouditkomitee te dien.

### *8.3 Gewone besluit nommer 8.3 – Aanstelling van Mathukana Mokoka as 'n lid van Ouditkomitee*

*Naam:* Mathukana Mokoka (48)
*Aanstelling:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2018

## Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

*Kwalifikasies:* BCom (Rekeningkunde) (Universiteit van Limpopo), Nagraadse Diploma in Bestuur (Finansiële Rekeningkunde) (Universiteit van Kaapstad), Nagraadse Diploma in Rekeningkunde (Universiteit van Natal), Nagraadse Diploma in Ouditkunde (Universiteit van Kaapstad), GR(SA)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:*
Die Ouditkomitee, die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Risiko- en Nakoming-komitee, die Sanlam Kliëntebelange-komitee, die Maatskaplike, Etiek- en Volhoubaarheid-komitee en die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:*
Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Palabora Mining, Alviva Holdings (Edms) Bpk; Contract Services Group (CSG) Holdings; Stadio Holdings; Energy Partners en STRATE, asook 'n lid van die Ouditkomitee van Two Rivers Platinum en Modikwa Platinum Mine; Trustee van Kwanda Education Trust

*Kundigheidsgebiede:*
Rekeningkunde, finansiële markte/beleggings, algemene besigheid, lewensversekering, risikobestuur, volhoubaarheid, bemagtiging en mynbou

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aan om op die Ouditkomitee te dien.

### 8.4 *Gewone besluit nommer 8.4 – Aanstelling van Kobus Möller as 'n lid van Ouditkomitee*

*Naam:* Kobus Möller (62)
*Aanstelling:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2020
*Kwalifikasies:* BCom (Cum Laude) (Universiteit van Pretoria), BComptHons (UNISA), GR(SA), Gevorderde Bestuursprogram (Harvard Bestuurskool)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:*
Die Ouditkomitee (voorsitter), die Risiko- en Nakoming-komitee, die Maatskaplike, Etiek- en Volhoubaarheid-komitee, die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee en die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

*Kundigheidsgebiede:*
Rekeningkunde, finansiële markte/beleggings, algemene besigheid, internasionaal, risikobestuur, inligtingstegnologie, volhoubaarheid en bemagtiging

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aan om op die Ouditkomitee te dien.

### 8.5 *Gewone besluit nommer 8.5 – Aanstelling van Karabo Nondumo as 'n lid van Ouditkomitee*

*Naam:* Karabo Nondumo (43)
*Aanstelling:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2015
*Kwalifikasies:* BRek (Universiteit van Natal), HDipRek (Universiteit van Witwatersrand), GR(SA)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:*
Die Maatskaplike, Etiek- en Volhoubaarheid-komitee (voorsitter), die Ouditkomitee, die Risiko- en Nakoming-komitee, die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Menslike Hulpbronne- en Vergoeding-komitee, die Nominasiekomitee en die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of assosiasies:*
Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Harmony Gold Mining Company Bpk, MTN Rwanda-sel PLC, Swazi MTN Bpk, MTN Uganda Bpk en MTN (Zambia) Bpk; Trustee van Ubuntu-Botho Women's Trust en Mabindu Trust en sy dien as 'n lid van die adviesraad van Senatla Capital. Binne die Sanlam Groep is sy voorsitter van die Oudit-, Aktuariële en Risikokomitees van African Rainbow Life Beperk, Sanlam Ontwikkelende Markte en Safrican Insurance Company Bpk.

## Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

*Kundigheidsgebiede:*
Rekeningkunde, finansiële markte/beleggings, algemene besigheid, internasionaal, menslike hulpbronne en vergoeding, risikobestuur, bestuurstoesig, nakoming, volhoubaarheid, telekommunikasie en bemagtiging

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aan om op die Ouditkomitee te dien.

### 9. Gewone besluit nommer 9 – Adviserende stem oor die Maatskappy se vergoedingsbeleid en die vergoedingsimplementeringsverslag

Aandeelhouers word versoek om 'n afsonderlike nie-bindende adviserende stem uit te bring oor die Maatskappy se vergoedingsbeleid en die implementeringsverslag soos uiteengesit op bladsy 6 tot 23 en 25 tot 41 van Sanlam se Vergoedingsverslag (aanlyn beskikbaar by www.sanlam.com).

#### *9.1 Gewone besluit nommer 9.1 – Nie-bindende adviserende stem oor die Maatskappy se vergoedingsbeleid*

Besluit dat aandeelhouers by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem die Maatskappy se vergoedingsbeleid, soos uiteengesit op bladsy 6 tot 23, goedkeur.

#### *9.2 Gewone besluit nommer 9.2 – Nie-bindende adviserende stem oor die Maatskappy se vergoedingsimplementeringsverslag*

Besluit dat aandeelhouers by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem die Maatskappy se vergoedingsimplementeringsverslag, soos uiteengesit op bladsy 25 tot 41, goedkeur.

#### Rede en gevolg

Die King-verslag oor Korporatiewe Bestuurstoesig™ vir Suid-Afrika, 2016 (King IV™), beginsel 14, aanbevole praktyk 37, asook paragraaf 3.84(j) van die JSE-noteringsvereistes, bepaal dat die vergoedingsbeleid en die vergoedingsimplementeringsverslag elke jaar by die AJV voorgelê moet word vir afsonderlike nie-bindende adviserende stemme deur aandeelhouers.

Gewone besluite nommers 9.1 en 9.2 is slegs van 'n adviserende aard en versuim om hierdie besluite goed te keur sal dus nie enige regsgevolge ten opsigte van bestaande reëlings inhou nie. Die Menslike Hulpbronne-en Vergoeding-komitee en die Direksie sal egter die uitslag van die stemming en enige kommentaar deur aandeelhouers in ag neem by die oorweging van die Maatskappy se vergoedingsbeleid. Indien 25% (vyf-en-twintig persent) of meer van die stemme wat by die AJV uitgebring is teen hierdie besluite is, sal die Direksie ooreenkomstig die bepalings van die JSE-noteringsvereistes andersdenkende aandeelhouers uitnooi om met die Menslike Hulpbronne- en Vergoeding-komitee in gesprek te tree oor hul bekommernisse.

### 10. Gewone besluit nommer 10 – Om kennis te neem van die totale vergoeding van nie-uitvoerende direkteure en uitvoerende direkteure vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2021

Om kennis te neem van die totale vergoeding van direkteure soos uiteengesit in Sanlam se Vergoedingsverslag (aanlyn beskikbaar by www.sanlam.com), spesifiek insluitend die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure (sien bladsy 40 tot 41) en uitvoerende direkteure (bladsy 25 tot 38) vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2021.

#### Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van gewone besluit nommer 10 is om kennis te neem van die vergoeding van direkteure vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2021.

Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

## 11. Gewone besluit nommer 11 – Om onuitgereikte gewone aandele onder die beheer van die direkteure te plaas

Om al die onuitgereikte gewone aandele van die Maatskappy, sowel as Sanlam-aandele wat as tesourie aandele deur filiale van die Maatskappy gehou word (tesourie aandele), tot die volgende AJV onder die beheer te plaas van die direkteure van die Maatskappy, wat hiermee gemagtig word om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die JSE-noteringsvereistes, ooreenkomstig sodanige bepalings en voorwaardes na goeddunke hierdie onuitgereikte aandele toe te ken en uit te reik en/of hierdie tesourie aandele van die hand te sit soos en wanneer hulle dit goeddink, met dien verstande dat:

- die totale getal gewone aandele wat toegeken en uitgereik word en tesourie aandele wat van die hand gesit word ooreenkomstig hierdie besluit en gewone besluit nommer 12, beperk word tot 5% (vyf persent) van die getal uitgereikte gewone aandele op die datum van die kennisgewing van die vergadering; en
- enige uitgifte van gewone aandele as 'n uitgifte vir kontant soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes, in ooreenstemming is met die beperkings vervat in gewone besluit nommer 12.

### Rede en gevolg

Die rede vir gewone besluit nommer 11 is dat die Direksie ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting magtiging van aandeelhouers moet verkry om aandele in die Maatskappy uit te reik en/of tesourie aandele wat deur filiale van die Maatskappy gehou word, van die hand te sit. Nadat hierdie algemene magtiging verleen is, kan die Direksie van tyd tot tyd, wanneer gepas, aandele uitreik of tesourieaandele van die hand sit soos benodig, onder meer met die oog op kapitaalverkryging en om 'n gesonde kapitaaltoereikendheidsverhouding te handhaaf. Hierdie algemene magtiging is onderhewig daaraan dat dit beperk word tot 5% (vyf persent) van die getal uitgereikte aandele op die datum van die kennisgewing van die vergadering, op die voorwaardes wat meer volledig uiteengesit word in gewone besluit nommer 12.

## 12. Gewone besluit nommer 12 – Algemene magtiging om aandele vir kontant uit te reik

Om aan die direkteure algemene magtiging te verleen om, onderhewig aan die JSE-noteringsvereistes, soos en wanneer geskikte geleenthede ontstaan en volgens sodanige bepalings en voorwaardes soos wat hulle goeddink, gewone aandele van een (1) sent elk (of opsies waarvoor ingeskryf kan word, of sekuriteite wat in sodanige gewone aandele omskep kan word) uit te reik en Sanlam-aandele wat deur filiale van die Maatskappy as tesourieaandele gehou word, van die hand te sit as 'n "uitgifte vir kontant" soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes, met dien verstande dat die totale getal gewone aandele wat ooreenkomstig hierdie besluit en gewone besluit nommer 11 toegeken en uitgereik word, tesame met enige tesourie aandele wat ooreenkomstig gewone besluit nommer 11 van die hand gesit word, beperk word tot 5% (vyf persent) van die getal uitgereikte gewone aandele op die datum van die kennisgewing van hierdie AJV.

Om onsekerheid te voorkom, word aangeteken dat 'n pro rata regte-aanbod aan aandeelhouers is nie 'n uitgifte vir kontant, soos in die JSE-noteringsvereistes omskryf word nie en dat hierdie besluit en die beperkings hierin vervat dus nie op enige sodanige pro rata regte-aanbod aan aandeelhouers van toepassing is nie.

Daar word aangeteken dat die JSE-noteringsvereistes tans die volgende vereistes insluit:

- dat hierdie algemene magtiging geldig is tot die Maatskappy se volgende AJV of vir 15 (vyftien) maande vanaf die datum waarop hierdie besluit goedgekeur is, watter ook al eerste voorkom;

[1] *Kopiereg en handelsmerke is die eiendom van die Instituut van Direkteure in Suid-Afrika NPC en al sy regte word voorbehou.*

- dat die aandelesekuriteite wat die onderwerp van die uitgifte vir kontant is, van 'n klas moet wees wat reeds uitgereik is of, waar dit nie die geval is nie, beperk moet word tot sodanige sekuriteite of regte wat omskep kan word in opsies ten opsigte van 'n klas wat reeds uitgereik is of wat sodanige opsies verteenwoordig;
- dat die totale getal gewone aandele wat ooreenkomstig hierdie besluit toegeken en uitgereik word, tesame met enige tesourieaandele wat ooreenkomstig hierdie gewone besluit nommer 12 van die hand gesit word, beperk word tot 5% (vyf persent) van die getal gewone uitgereikte aandele op die datum van die kennisgewing van hierdie AJV, sodanige getal synde 2 226 974 408 gewone aandele in die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal, uitgesonderd tesourieaandele;
- enige aandelesekuriteite wat ooreenkomstig die magtiging uitgereik word gedurende die tydperk soos bedoel in die eerste punt, afgetrek moet word van sodanige getal in die vorige punt;
- dat, in die geval van 'n onderverdeling of konsolidasie van uitgereikte aandelesekuriteite gedurende die tydperk soos bedoel in die eerste punt, die bestaande magtiging dienooreenkomstig aangepas moet word om dieselfde toekenningsverhouding te verteenwoordig;
- dat die aandelesekuriteite uitgereik word of tesourie aandele van die hand gesit word aan persone wat kwalifiseer as openbare aandeelhouers soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes, en nie aan verwante partye soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes nie;
- dat, by die vasstelling van die prys waarteen aandele ooreenkomstig hierdie magtiging uitgereik of tesourie aandele van die hand gesit word, die maksimum toegelate korting 10% (tien persent) van die geweegde gemiddelde verhandelingsprys van die betrokke aandele sal wees, soos bepaal oor die 30 (dertig) besigheidsdae voor die datum waarop die prys van die uitgifte of vandiehandsetting ooreengekom is tussen die uitreiker en die party wat vir die aandele inskryf of die aandele verkry; en
- dat, nadat die Maatskappy die aandelesekuriteite uitgereik of tesourieaandele van die hand gesit het ooreenkomstig 'n goedgekeurde algemene uitgifte vir kontant wat op 'n kumulatiewe grondslag binne 'n finansiële jaar 5% (vyf persent) of meer van die getal uitgereikte aandelesekuriteite voor daardie uitgifte verteenwoordig, die Maatskappy in ooreenstemming met die JSE-noteringsvereistes 'n verklaring met volledige besonderhede van die uitgifte moet uitreik.

## Rede en gevolg

Om, onderhewig aan die JSE-noteringsvereistes, algemene magtiging aan die direkteure te verleen om gewone aandele uit te reik en tesourie aandele van die hand te sit as uitgifte vir kontant soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes.

## Persentasie stemme

Vir die aanneem van hierdie gewone besluit nommer 12 vereis die JSE-noteringsvereistes dat die steun van minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die stemme wat aandeelhouers teenwoordig of by volmag verteenwoordig by die vergadering uitbring, verkry moet word.

Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

### 13. Gewone besluit nommer 13 – Om enige direkteur van die Maatskappy, en waar van toepassing die sekretaris van die Maatskappy (Maatskappysekretaris), te magtig om voorgenoemde gewone en ondergenoemde spesiale besluite te implementeer

Om enige direkteur van die Maatskappy en, waar van toepassing, die Maatskappysekretaris, te magtig om alle handelinge uit te voer, alle dokumente te onderteken en alle stappe te doen wat nodig kan wees om uitvoering aan voorgenoemde gewone en ondergenoemde spesiale besluite te gee.

#### Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van gewone besluit nommer 13 is om enige direkteur van die Maatskappy en, waar van toepassing, die Maatskappysekretaris, te magtig om uitvoering aan die gewone en spesiale besluite te gee.

## SPESIALE BESLUITE

Om die volgende vier spesiale besluite te oorweeg en, indien goedgevind, met of sonder wysiging aan te neem:

### Persentasie steun vereis vir spesiale besluit nommers 1 tot 4

Vir die aanneem van hierdie spesiale besluite word die steun van minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die totale getal stemme wat die aandeelhouers verteenwoordig of by volmag verteenwoordig by hierdie vergadering kan uitbring, vir elke spesiale besluit vereis.

### A. Spesiale besluit nommer 1 – Goedkeuring van nie-uitvoerende direkteure se vergoeding vir hul dienste as direkteure

#### Besluit dat:

Betaling van die vergoeding vir hul dienste as nie-uitvoerende direkteure van Sanlam vir die tydperk 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 soos uiteengesit in die onderstaande tabel, ingevolge artikel 66(9) van die Maatskappywet goedgekeur word. Hierdie verhogings verteenwoordig oor die algemeen 'n verhoging van 5,25% in die gelde van toepassing op die 12 maande tot 30 Junie 2023. Die uitsonderings soos aangedui in die voetnotas hieronder, word aangeteken vir voorgestelde aanpassings op grond van 'n spesifieke vergelyking van Sanlam se direksiegelde teenoor markverwante direksiegelde. Daar was geen verhoging in nie-uitvoerende gelde vir die vorige jaar nie.

#### Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van spesiale besluit nommer 1 is om die berekeningsgrondslag van die vergoeding wat deur die Maatskappy aan sy nie-uitvoerende direkteure betaalbaar is vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy vir die tydperk 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 goed te keur. Uitvoerende direkteure van die Maatskappy ontvang nie enige vergoeding vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy nie.

## Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

*Nie-uitvoerende direkteure se gelde vir 2022/2023*

| Direkteure/Komitees | Jaarlikse gelde 2021/22 R | Bywoningsgelde per vergadering 2021/22 R | Jaarlikse gelde 2022/23 R | Bywoningsgelde per vergadering 2022/23 R |
|---|---|---|---|---|
| Voorsitter[(1)] | 3 306 884 | Geen | 3 902 123 | Geen |
| Ondervoorsitter[(2)] | 588 686 | 34 348 | 619 592 | 36 151 |
| Nie-uitvoerende direkteure | 386 931 | 33 863 | 407 245 | 35 641 |
| Nie-uitvoerende direkteure nie in Suid-Afrika woonagtig | 968 243 | 84 738 | 1 019 076 | 89 187 |
| Voorsitter van Oudit-, Aktuariële en Finansies-komitee[(3)] | 524 681 | Geen | 629 617 | Geen |
| Lid van Oudit-, Aktuariële en Finansies-komitee[(3)] | 236 555 | Geen | 264 942 | Geen |
| Voorsitter van Risiko- en Nakoming-komitee | 473 109 | Geen | 497 947 | Geen |
| Lid van Risiko- en Nakoming-komitee | 236 555 | Geen | 248 974 | Geen |
| Voorsitter van Menslike Hulpbronne- en Vergoeding-komitee | 360 783 | Geen | 379 724 | Geen |
| Lid van Menslike Hulpbronne- en Vergoeding-komitee | 180 392 | Geen | 189 863 | Geen |
| Voorsitter van Kliëntebelange-komitee | 267 109 | Geen | 281 132 | Geen |
| Lid van Kliëntebelange-komitee | 133 555 | Geen | 140 567 | Geen |
| Voorsitter van Maatskaplike, Etiek- en Volhoubaarheid-komitee[(4)] | 313 948 | Geen | 367 319 | Geen |
| Lid van Maatskaplike, Etiek- en Volhoubaarheid-komitee[(4)] | 133 555 | Geen | 146 911 | Geen |
| Voorsitter van Nominasiekomitee | 239 023 | Geen | 251 572 | Geen |
| Lid van Nominasiekomitee | 133 555 | Geen | 140 567 | Geen |
| Spesiale ad hoc-komitees[(5)] | Geen | 24 309 | Geen | 26 497 |

Alle gelde sluit BTW uit.

***Notas:***

(1) *Gelde is met 18% verhoog om dit in ooreenstemming te bring met die mark.*

(2) *Op grond van markriglyne het die amp jaarlikse retensiegelde en bywoningsgelde per vergadering van onderskeidelik R763 033 en R44 519 geregverdig. Op versoek van die Ondervoorsitter sal Sanlam die verskil tussen die markriglyn en die Nie-uitvoerende direkteure gelde wat hierbo uiteengesit word, vir 'n geskikte filantropiese doel aanwend.*

(3) *Gelde vir Komiteevoorsitter is met 20% verhoog, en gelde vir Komiteelede is met 12%, om dit in ooreenstemming te bring met markriglyne.*

(4) *Gelde vir Komiteevoorsitter is met 17% verhoog, en gelde vir Komiteelede is met 10%, om dit in ooreenstemming te bring met markriglyne.*

(5) *Gelde is met 9% verhoog om dit in ooreenstemming te bring met die mark.*

Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

## B. Spesiale besluit nommer 2 – Magtiging aan die Maatskappy of 'n filiaal van die Maatskappy om die Maatskappy se aandele te verkry

### Besluit:

Ooreenkomstig die Maatskappy se Akte van Oprigting verleen die aandeelhouers van die Maatskappy hiermee algemene goedkeuring vir:

a) die aankoop van enige van sy aandele deur die Maatskappy of enige filiaal van die Maatskappy, hetsy by wyse van 'n enkele transaksie of 'n reeks transaksies; en

b) die aankoop deur en/of oordrag aan die Maatskappy van enige van sy aandele wat deur enige van sy filiale ooreenkomstig (a) hierbo gekoop is,

volgens sodanige bepalings en voorwaardes en in sodanige hoeveelhede soos wat die Direksie van die Maatskappy of sy filiale van tyd tot tyd kan besluit, maar onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet, die JSE-noteringsvereistes en enige ander aandelebeurs waarop die aandele van die Maatskappy van tyd tot tyd gekwoteer of genoteer kan word, en onderhewig aan sodanige ander voorwaardes wat deur enige ander toepaslike gesagsowerheid opgelê kan word met betrekking tot aankope wat aan die JSE-noteringsvereistes onderhewig is, met dien verstande dat:

- die magtiging slegs geldig is tot en met die datum van die Maatskappy se volgende AJV of vir 15 (vyftien) maande vanaf die datum van hierdie spesiale besluit, watter tydperk ook al die kortste is;
- gewone aandele wat ooreenkomstig (a) hierbo aangekoop word, slegs deur die bestelboek van die JSE-verhandelingstelsel en sonder enige vooraf verstandhouding of reëling tussen die Maatskappy en/of die betrokke filiaal en die teenparty aangekoop mag word;
- die algemene magtiging om ooreenkomstig (a) hierbo aandele in die Maatskappy te koop in enige een (1) finansiële jaar beperk word tot 'n maksimum van 2,5% (twee en 'n half persent) van die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas op die datum waarop die magtiging verleen is;
- aankope ooreenkomstig (a) hierbo mag nie teen 'n prys van meer as 10% (tien persent) hoër as die geweegde gemiddelde verhandelingsprys van die aandele vir die vyf (5) sakedae wat die datum van die aankope onmiddellik voorafgaan, geskied nie;
- die Maatskappy mag op enige tydstip slegs een (1) agent aanstel om enige aankoop namens die Maatskappy of enige van sy filiale te doen;
- die Direksie van die Maatskappy besluit het om (i) die aankoop van aandele in die Maatskappy te magtig, (ii) dat die Maatskappy en elke tersaaklike filiaal die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in die Maatskappywet geslaag het, en (iii) dat, sedert die solvensie- en likiditeitstoets toegepas is, daar geen wesenlike verandering in die finansiële posisie van die Maatskappy of enige tersaaklike filiaal was nie;
- die Maatskappy en sy filiale mag nie gedurende 'n verbode tydperk, soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes, aandele aankoop nie, tensy 'n terugkoopprogram waarin die datums en getal aandele wat gedurende die betrokke tydperk verhandel mag word, vasgestel is (nie aan verandering onderhewig is nie) en voor die aanvang van die verbode tydperk skriftelik aan die JSE voorgelê is. Die Maatskappy sal voor die aanvang van die verbode tydperk 'n onafhanklike derde party, wat sy beleggingsbesluite met betrekking tot die Maatskappy se aandele onafhanklik van en onbeïnvloed deur die Maatskappy neem, opdrag gee om die terugkoopprogram wat aan die JSE voorgelê is, uit te voer;

Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

- 'n aankondiging wat aan paragraaf 11.27 van die JSE-noteringsvereistes voldoen deur die Maatskappy uitgereik sal word (i) wanneer die Maatskappy en/of sy filiale gesamentlik 3% (drie persent) van die aanvanklike getal gewone aandele wat uitgereik was toe die algemene magtiging verleen is, gekoop het, en (ii) daarna, vir elke 3% (drie persent) in totaal van die aanvanklike getal gewone aandele wat uitgereik was toe die algemene magtiging verleen is, wat deur die Maatskappy en/of sy filiale verkry is; en
- besonderhede van aandele wat gedurende die verslagtydperk aangekoop is, sal in die Finansiële Jaarstate geopenbaar word ingevolge paragraaf 8.63(o) van die JSE-noteringsvereistes.

### Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van spesiale besluit nommer 2, is om algemene magtiging te verleen om die Maatskappy, of enige van die Maatskappy se filiale, in staat te stel om aandele te verkry wat deur die Maatskappy uitgereik is, insluitend die daaropvolgende aankoop deur of oordrag aan die Maatskappy van sodanige aandele wat deur enige filiaal gehou word.

## VERKLARING DEUR DIE DIREKSIE

Die Direksie sal die koop van die Maatskappy se aandele magtig en implementeer slegs as heersende toestande dit regverdig.

Ná oorweging van die uitwerking van die maksimum getal aankope, het die Direksie redelikerwys tot die gevolgtrekking gekom dat (met betrekking tot aankope wat aan die JSE-noteringsvereistes onderhewig is):

- die Maatskappy ná 'n aankope, steeds aan die JSE-noteringsvereistes met betrekking tot aandeelhouer-verspreidingsvereistes sal voldoen;
- die Maatskappy en sy filiale hul skuld soos dit in die gewone gang van sake betaalbaar word, vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van kennisgewing van die Maatskappy se AJV sal kan betaal;
- die bates van die Maatskappy en sy filiale, sal die laste van die Maatskappy en sy filiale vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van hierdie kennisgewing van die Maatskappy se AJV oorskry;
- die uitgereikte aandelekapitaal en reserwes van die Maatskappy en sy filiale sal vir n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van hierdie kennisgewing van die Maatskappy se AJV voldoende wees vir die sakedoeleindes van die Maatskappy en sy filiale;
- die Maatskappy en sy filiale sal vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van hierdie kennisgewing van die Maatskappy se AJV, voldoende bedryfskapitaal vir gewone sakedoeleindes hê.

## OPENBAARMAKINGS INGEVOLGE PARAGRAAF 11.26(B) VAN DIE JSE-NOTERINGSVEREISTES

Die volgende openbaarmakings word ingevolge paragraaf 11.26(b) van die JSE-noteringsvereistes vereis ten opsigte van aankope wat aan die JSE-noteringsvereistes onderhewig is en wat in Sanlam se jaarlikse verslagdoening verskyn. Die openbaarmakings word ook aanlyn by www.sanlam.com verskaf vir die doeleindes van spesiale besluit nommer 2:

- Belangrike aandeelhouers (bladsy 18 van die Geïntegreerde Verslag) en die Maatskappy se aandelekapitaal (bladsy 102 van die Finansiële Jaarstate)
- Wesenlike veranderings (bladsy 6 van die Finansiële Jaarstate).

## DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEIDSVERKLARING

Die Direksie, wie se name op bladsy 20 tot 29 van die Korporatiewe Bestuursverslag verskyn, aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die korrektheid van die inligting met betrekking tot spesiale besluit nommer 2, en verklaar dat:

- daar na hul beste wete en oortuiging geen ander feite is waarvan die weglating enige verklaring vals of misleidend sal maak nie;

Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

- hulle alle redelike navrae in dié verband gedoen het; en
- spesiale besluit nommer 2 al die nodige inligting bevat ingevolge die Maatskappywet en die JSE-noteringsvereistes.

## C. Spesiale besluit nommer 3 – Algemene magtiging om finansiële bystand te verleen ingevolge artikel 44 van die Maatskappywet

### Besluit:

As algemene goedkeuring, kan die Direksie van die Maatskappy te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die twee (2) jaar ná die aanneem hiervan, die Maatskappy ingevolge en onderhewig aan die bepalings van artikel 44 van die Maatskappywet magtig om by wyse van 'n waarborg of die verskaffing van sekuriteit finansiële bystand aan enige party, behalwe 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die Maatskappy of sy verwante of onderling verwante maatskappye of korporasies, te verleen vir die doel van of in verband met die inskrywing op of aankoop van enige aandele wat deur 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die Maatskappy uitgereik is of gaan word, volgens sodanige bepalings en voorwaardes soos die Direksie kan bepaal.

### Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van spesiale besluit nommer 3 is soos volg:

- As 'n noodsaaklike deel van die bedryf van die Sanlam Groep se besigheid moet die Maatskappy van tyd tot tyd finansiële bystand aan partye verleen by wyse van 'n waarborg of die verskaffing van sekuriteit ten opsigte van aandele wat deur 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die Maatskappy uitgereik is of gaan word
- Ingevolge die Maatskappywet moet maatskappye by wyse van 'n spesiale besluit die goedkeuring van hul aandeelhouers verkry om finansiële bystand te verleen aan enige party soos bedoel in artikel 44(2) van die Maatskappywet. Die Maatskappy verlang dus algemene goedkeuring vir die Direksie van die Maatskappy om die verlening van finansiële bystand deur die Maatskappy by wyse van 'n waarborg of die verskaffing van sekuriteit ten opsigte van aandele wat te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die tydperk van twee (2) jaar vanaf die datum van hierdie spesiale besluit nommer 3 deur 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die Maatskappy uitgereik is of uitgereik gaan word, te magtig.

## D. Spesiale besluit nommer 4 – Algemene magtiging om finansiële bystand te verleen ingevolge artikel 45 van die Maatskappywet

### Besluit:

As ‘n algemene goedkeuring, kan die Direksie van die Maatskappy te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die twee (2) jaar ná die aanneem hiervan die Maatskappy magtig ingevolge en onderhewig aan die bepalings van artikel 45 van die Maatskappywet om enige soort direkte of indirekte finansiële bystand soos omskryf in artikel 45 van die Maatskappywet aan 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die Maatskappy te verleen, volgens sodanige bepalings en voorwaardes en vir sodanige bedrae soos die Direksie kan bepaal.

### Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van spesiale besluit nommer 4 is soos volg:

- As 'n noodsaaklike deel van die bedryf van die Sanlam Groep se besigheid, moet die Maatskappy van tyd tot tyd as deel van sy daaglikse bedrywighede finansiële bystand in die vorm van leningsfinansiering, waarborge of algemene finansiële bystand soos bedoel in artikel 45 van die Maatskappywet aan verwante of onderling verwante maatskappye of korporasies van die Maatskappy verleen.

Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

- Ingevolge die Maatskappywet moet maatskappye by wyse van 'n spesiale besluit die goedkeuring van hul aandeelhouers verkry om finansiële bystand te verleen aan enige verwante of onderling verwante maatskappye of korporasies. Die Maatskappy verlang dus algemene goedkeuring vir die Direksie van die Maatskappy om die verlening van alle soorte finansiële bystand deur die Maatskappy te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die tydperk van twee (2) jaar vanaf die datum van hierdie spesiale besluit nommer 4 aan enige sodanige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie soos bedoel in artikel 45(2) van die Maatskappywet, te magtig. Ondanks sodanige algemene goedkeuring, bly verwante party-transaksies onderhewig aan enige toepaslike regulatoriese vereistes.

## DIE LEWENSKRAGTIGHEIDSVERSLAG

Die Lewenskragtigheidsverslag is beskikbaar op die Maatskappy se webwerf (www.sanlam.com). Dit word ingevolge Regulasie 43(5)(c) van die Maatskappywet ter tafel gelê.

## ALGEMENE AANTEKENINGE

1. Die verslagdatum vir die verspreiding van die kennisgewing van die AJV is vasgestel as kantoorsluiting op Vrydag 18 Maart 2022.
2. Die registrasiedatum om aan die vergadering deel te neem en te stem, is vasgestel as kantoorsluiting op Vrydag 3 Junie 2022. Die laaste dag vir verhandeling van die Maatskappy se aandele op die JSE om op die registrasiedatum in die aandeleregister aangeteken te wees, is Dinsdag 31 Mei 2022.
3. 'n Aandeelhouer wat geregtig is om aan die vergadering deel te neem, te praat en te stem, mag 'n gevolmagtigde aanstel om dit namens hom of haar te doen.
4. Die stemme van aandele wat deur die Sanlam Aandele-aansporingstrust en die Maatskappy se filiale gehou word, sal nie by die vergadering in aanmerking geneem word vir die goedkeuring van enige besluite voorgestel ingevolge die JSE-noteringsvereistes nie.
5. Sanlam-aandeelhouers wat aandelesertifikate vir hul gewone Sanlam-aandele hou of wat hul gewone Sanlam-aandele gedematerialiseer het en in hul eie naam laat registreer het (insluitend gewone Sanlam-aandele wat deur die reëling met Sanlam Share Account Nominee (Edms) Bpk of Sanlam Fundshares Nominee (Edms) Bpk gehou word), maar wat nie aan die vergadering kan deelneem nie en daar verteenwoordig wil word, moet die ingeslote volmagvorm volgens die instruksies daarin vervat, voltooi en terugstuur aan die oordragsekretaris, Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank 2196 (Privaat Sak X9000, Saxonwold 2132) of e-pos proxy@computershare.co.za. Vir administratiewe doeleindes word versoek dat die volmagvorm nie later as 14:00 op Dinsdag 7 Junie 2022 ontvang word nie. Dit kan ook voor die aanvang van die vergadering op Woensdag 8 Junie 2022 per e-pos gestuur word aan proxy@computershare.co.za.
6. Aandeelhouers van gewone Sanlam-aandele wat hul gedematerialiseerde gewone Sanlam-aandele deur 'n sentrale effektebewaarplek (SEB), bank of benoemde makelaar hou (Sanlam gedematerialiseerde aandeelhouers) moet hul SEB, bank of benoemde makelaar van hul stemopdragte voorsien ooreenkomstig die reëling tussen hulle en hul SEB, bank of benoemde makelaar. Indien Sanlam gedematerialiseerde aandeelhouers hul stemme by die vergadering wil uitbring, moet hulle met hul SEB, bank of benoemde makelaar in verbinding tree om hulle van die nodige verteenwoordigingsbrief te voorsien. Sanlam aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige versuim deur die SEB, bank of benoemde makelaar in hierdie verband nie.
7. 'n Persoon wat 'n korporasie/maatskappy/regsentiteit verteenwoordig, word nie geag 'n gevolmagtigde te wees nie. As sulks kan sodanige korporasie/maatskappy/regsentiteit slegs 'n vergadering bywoon deur 'n persoon wat by wyse van 'n besluit behoorlik daartoe gemagtig is om as verteenwoordiger op te tree. 'n Notarieel gesertifiseerde afskrif van sodanige volmag of ander dokumentêre bewys wat die gesag van die persoon wat die volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken aandui en bevestig, moet by die volmagvorm aangeheg word. Sodanige persoon het dieselfde regte by die vergadering as die korporasie/maatskappy/regsentiteit wat die aandele besit.
8. 'n Aandeelhouer wie se aandele deur 'n reëling met Sanlam Share Account Nominee (Edms) Bpk of Sanlam Fundshares Nominee (Edms) Bpk gehou word, het die reg om aan die Vergadering deel te neem en daar te stem.

## Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vervolg

9. By 'n stemming, sal elke aandeelhouer teenwoordig of elke gevolmagtigde of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger wat aandeelhouers verteenwoordig, slegs een stem hê, ongeag die getal aandeelhouers of aandele wat hy of sy verteenwoordig of besit.
10. As stembriewe gebruik word, sal elke aandeelhouer teenwoordig of elke gevolmagtigde of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger, slegs een stem hê vir elke Sanlam-aandeel wat daardie aandeelhouer besit.
11. 'n Besluit wat tot stemming gebring word, word deur die opsteek van hande beslis, tensy daar voor of tydens die aankondiging van die uitslag van die opsteek van hande op 'n stemming per stembrief aangedring word deur enige persoon wat die reg het om by die vergadering te stem. Indien daar op so 'n stemming per stembrief aangedring word, moet die besluite wat tot stemming gebring word per stembrief beslis word. Aangesien die vergadering deur middel van elektroniese kommunikasie gehou word, het die Voorsitter die besluit geneem dat die besluite wat tot stemming gebring word per stembrief beslis sal word.
12. Die Maatskappy se Akte van Oprigting maak voorsiening vir 'n elektroniese stemproses.
13. Elektroniese deelname: Aandeelhouers moet asseblief kennis neem dat hulle, of hul gevolmagtigdes, deur middel van elektroniese kommunikasie aan die vergadering sal kan deelneem.

**Elektroniese registrasie en deelname**

Die AJV sal uitsluitlik via elektroniese kommunikasie geskied (insluitend stemming), soos voorgeneem deur Artikel 63(2)(a) van die Maatskappywet. Die prosedure vir deelname via elektroniese kommunikasie word hieronder uiteengeset.

**Registrasie**

Aandeelhouers wat verlang om deel te neem aan die AJV moet óf aanlyn registreer by www.smartagm.co.za teen nie later as 14:00 op Dinsdag 7 Junie 2022, óf 'n versoek om deelname rig aan proxy@computershare.co.za. Aandeelhouers mag na hierdie tyd en datum registreer om deel te neem aan en/of elektronies te stem in die AJV op voorwaarde dat, vir daardie aandeelhouers om deel te neem aan en/of elektronies te stem in die AJV, hulle geverifieer en geregistreer word voor die uitoefening van enige regte by die AJV. As deel van die registrasieproses sal aandeelhouers versoek word om bewys van identiteit (d.w.s. identiteitsdokument, bestuurslisensie of paspoort) op te laai/in te dien, sowel as magtiging (waar die persoon optree in hoedanigheid as verteenwoordiger). Besonderhede insluitend naam, van, e-pos adres, kontaknommer en die aantal Sanlam-aandele wat gehou word, moet ook verskaf word.

Na suksesvolle registrasie sal die oordragsekretaris aan aandeelhouers 'n gebruikernaam en wagwoord verskaf wat gebruik kan word om elektronies by die AJV in te skakel.

Telefoonlyne sal beskikbaar gestel word vir aandeelhouers wat mondelings vrae wil vra.

Aandeelhouers wat verlang om vrae te vra op die telefoonlyn moet hul versoek op skrif registreer by die Maatskappysekretaris (sana-ullah.bray@sanlam.co.za) teen nie later as 12:00 op Vrydag 3 Junie 2022. Die koste van die aandeelhouer se telefoonoproep sal vir sy of haar eie rekening wees. Die aandeelhouer bevestig dat die telekommunikasieplatforms deur 'n derde party verskaf word en vrywaar die Maatskappy teen enige eis wat op enige wyse mag voortspruit uit die gebruik of besit van die telekommunikasielyne. Aandeelhouers word vriendelik versoek om vanaf 13:50 op die dag van die vergadering in te skakel op die virtuele vergadering. Alle aandeelhouers wat graag telefonies by die vergadering wil inskakel om vrae te vra, moet +27 21 916 3770 PIN 5500# skakel.

In opdrag van die Direksie



**Sana-Ullah Bray**
Maatskappysekretaris

Bellville
Maart 2022

# Aandeelhouersdagboek

| | |
|---|---|
| Finansiële jaareinde | 31 Desember |
| Algemene jaarvergadering | 8 Junie 2022 |

## VERSLAE

| | |
|---|---|
| Tussentydse verslag vir 30 Junie 2022 | 8 September 2022 |
| Aankondiging van die resultate vir die jaar geëindig 31 Desember 2022 | 9 Maart 2023 |
| Geïntegreerde Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2022 | 31 Maart 2023 |

## DIVIDENDE

| | |
|---|---|
| Dividend verklaar vir 2021 | 10 Maart 2022 |
| Laaste verhandelingsdatum vir 2021-dividend | 5 April 2022 |
| Aandele verhandel sonder dividend vanaf | 6 April 2022 |
| Registrasiedatum vir 2021-dividend | 8 April 2022 |
| Betaling van dividend vir 2021 | 11 April 2022 |
| Verklaring van dividend vir 2022 | 8 Maart 2023 |
| Betaling van dividend vir 2022 | April 2023 |

Om vir die dividendberekening voorsiening te maak, sal Sanlam se aandeleregister (insluitend Sanlam se twee genomineerde maatskappye, naamlik Sanlam Share Account Nominee (Edms) Bpk en Sanlam Fundshares Nominee (Edms) Bpk) tussen Woensdag 6 April 2022 en Vrydag 8 April 2022, albei datums ingesluit, vir alle oordragte, buitemarktransaksies en dematerialisering of hermaterialisering gesluit wees.

Transaksies op die JSE wat deur Strate gedoen word, word nie deur hierdie reëling geraak nie.

# Administrasie

## GEREGISTREERDE NAAM

Sanlam Beperk
(Registrasienommer 1959/001562/06)
(Belastingverwysingsnommer 536/346/84/5)
JSE-aandeelkode (primêre notering): SLM
NSX-aandelekode: SLA
A2X-aandelekode: SLA ISIN: ZAE000070660
Geïnkorporeer in Suid-Afrika

## MAATSKAPPYSEKRETARIS

Sana-Ullah Bray

## UITVOERENDE HOOF: BELEGGERSVERHOUDINGE

Grant Davids

## GEREGISTREERDE KANTOOR

Strandweg 2, Bellville 7530, Suid-Afrika
Telefoon +27 (0) 21 947 9111
Faks +27 (0) 21 947 3670

## POSADRES

Posbus 1, Sanlamhof 7532

## JSE-BORG

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk

## INTERNETADRES

http://www.sanlam.com

## OORDRAGSEKRETARIS

Computershare Investor Services (Edms) Bpk
(Registrasienommer 2004/003647/07)
Rosebank Towers
Biermannlaan 15, Rosebank 2196, Suid-Afrika
Privaat Sak X9000, Saxonwold 2132, Suid-Afrika
Telefoon +27 (0) 11 370 5000
Faks +27 (0) 11 688 5200
tertia.kruger@mediclinic.co.za

## DIREKTEURE

Andrew Birrell, Anton Botha, Ebenezer Essoka, Paul Hanratty (Groep Uitvoerende Hoof), Nicolaas Kruger, Ndivhuwo Manyonga, Elias Masilela (Voorsitter), Jeanett Modise, Mathukana Mokoka, Kobus Möller, Patrice Motsepe (Ondervoorsitter), Abigail Mukhuba (Groep Finansiële Direkteur), Sipho Nkosi, Karabo Nondumo, Willem van Biljon, Johan van Zyl, Heinie Werth en Shirley Zinn



GREYMATTERFINCH # 15845